# Hoofstuk 2

# Engelenburg se betrokkenheid by ZAR-regeringsaangeleenthede, 1895-1898

## Inleiding

1895 was 'n belangrike jaar in die geskiedenis van die ZAR en ook in Engelenburg se lewe. Engelenburg het in daardie jaar finaal besluit om Suid-Afrika sy nuwe vaderland te maak. Ná vyf jaar in die land het hy tot die stap oorgegaan om burgerskap van die ZAR te bekom, wat in Augustus 1895 aan hom toegestaan is. In dieselfde jaar het *De Volksstem* 'n ook dagblad geword. Die Oosterspoorlyn, 'n regstreekse verbinding tussen Pretoria en Lourenço Marques, is in 1895 in gereelde gebruik geneem. Die opening van die spoorlyn was 'n hoogtepunt in die geskiedenis van die ZAR. Die spoorlyn was vir die Britse regering 'n probleem want daardeur sou die ZAR onafhanklik van die Britse kolonies kon funksioneer. Brittanje se doelwit was steeds op die Witwatersrandse goudvelde gerig en Cecil John Rhodes het meegehelp met die sogenaamde Jameson-inval, wat in Desember 1895 plaasgevind het. Die Jameson-inval het nie geslaag nie, maar dit was die voorspel tot die Anglo-Boereoorlog, wat in 1899 sou uitbreek. Ná die Jameson-inval het Engelenburg 'n openlik vyandige houding teenoor Brittanje ingeneem. Hy het nie geskroom om oor maatskaplike probleme in sy koerant te skryf nie, onder andere die prostitusieprobleem in Transvaal.

Engelenburg was nie blind vir die foute van die ZAR-regering en Kruger nie. Hy was deeglik op die hoogte van die algemene politieke toestande in Suid-Afrika en het 'n dieper en breër insig in internasionale sake gehad as sy kollegas by die ander koerante of as sy voorgangers by *De Volksstem*. As gevolg hiervan kon hy die regering in vele opsigte, onder meer deur sy koerant, van raad bedien. Hy het nie net skriftelik leiding gegee nie, maar het ook by kommissies en komitees sy gewig ingegooi. In Januarie 1898 is Engelenburg se langverwagte droom bewaarheid en het hy die eienaar van *De Volksstem* geword. Sy doelwit om selfstandig en

onafhanklik te wees in sy beriggewing oor gebeure in die land is uiteindelik bereik. In dieselfde jaar het hy grond van die regering gehuur, waarop 'n gebou vir die koerant opgerig is. Hy wou ook 'n woonhuis bou en het twee erwe bekom. Die huis sou hy eers ná die Anglo-Boereoorlog oprig. Gedurende die tydperk 1895 tot 1898 het Engelenburg hom finaal as burger van die ZAR gevestig.

### *De Volksstem* word 'n dagblad

Engelenburg het goed met *De Volksstem* gevaar, so goed dat die maatskappy besluit het om die koerant, wat toe nog weekliks verskyn het, van Januarie 1895 af daagliks uit te gee. Nuwe drukperse en ander masjinerie wat intussen aangeskaf is, het dit moontlik gemaak om die drukkery in te rig na die eise van die tyd. Engelenburg wou *De Volksstem* uitgee

> ... heelemaal ingericht voor het beschaafd hollandsche publiek ...[1]

en wou die lesers laat sien hoe 'n goeie Nederlandse koerant kon lyk. Engelenburg het toe reeds aangekondig dat hy die Franse, eerder as die Engelse, joernalistiek tot voorbeeld sou neem. Dié aankondiging het onder sy Engelse kollegas 'n storm van verontwaardiging ontlok. *The Star* het geskryf dat die omstandighede in Frankryk verskil het van dié in die ZAR:

> Here the press, or a considerable section of it, is usually wiser than the Government; there the Government is in variably wiser than the press. French journalism, despite the opinion of Dr. Engelenburg, of Pretoria, is on foreign affairs at all events nearly always ill-informed, and nearly always foolishly bellicose.[2]

Engelenburg het dit jammer gevind dat die Nederlanders so suinig was met hulle geld. Hy was verontwaardig daaroor dat mnr. Middelberg, met sy ryk spoorwegmaatskappy, slegs advertensies ter waarde van £10 per maand in *De Volksstem* laat plaas het:

> Alsof men daarmee een dagblad kan drijven![3]

Op 1 Januarie 1895 het *De Volksstem* as dagblad verskyn. Dit het Engelenburg groot tevredenheid gegee dat *De Volksstem* die eerste Nederlandse dagblad in Suid-Afrika was. Die

---

1 Nasionale Argief van Suid-Afrika (NASA), Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 08.10.1894.

2 Anon., "France and England", *The Star*, 03.10.1894. "bellicose" – strydlustig.

3 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 08.10.1894.

voorbereiding daarvan het baie werk vereis.[4] Wat vorm en inhoud betref, het *De Volksstem* voor die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), behalwe dié in 1895, nooit belangrike veranderinge ondergaan nie. Tot die einde van 1894 het die inhoud hoofsaaklik bestaan uit lang inleidingsartikels wat meestal oor politiek gehandel het, 'n kolom vir kort nuusberigte uit verskeie oorde, nuus van oorsee en 'n beperkte ruimte vir korrespondensie. Van die begin van 1895 af het Engelenburg die blad, soos reeds genoem, volgens die beginsels van die Franse joernalistiek geredigeer en het die blad 'n groter verskeidenheid nuus bevat. Die inleidingsartikels is soms opgedeel in kort paragrawe[5] en algemene en sosiale nuus het meer aandag geniet. Korrespondensie en nuus uit die distrikte van die ZAR is dikwels geplaas,[6] terwyl genoeg ruimte aan Volksraadsittings, konferensies en ander gemeenskapsake afgestaan is.[7] Om 'n dagblad te bedryf het baie werk geverg, veral as in ag geneem word dat Engelenburg daagliks die hoofartikels en ook baie van die ander artikels self geskryf het. Engelenburg het gemeen dat hy so langsamerhand 'n werkmasjien geword het. Van Maandagoggend tot Sondagaand het hy soggens vroeg begin en saans laat geëindig

> De grijze haren beginnen aan alle kanten van mijn hoofd zich te vertoonen.[8]

Die koerant self het goed vooruit gegaan in leserstal en in gehalte. Hy kon weldra verklaar:

> Als eenig Hollands dagblad in Zuid-Afrika maakt hij geen al te slecht figuur.[9]

**Amptelike opening van die Oosterspoorlyn**

Die Oosterspoorlyn is op 1 Januarie 1895 in gereelde gebruik geneem,[10] dieselfde datum as waarop *De Volksstem* as dagblad begin verskyn het. Die feestelike opening sou egter in Julie

---

4 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 03.12.1894.

5 Anon., "De commandant-generaals electie", *De Volksstem*, 09.01.1895; Anon., "De volksmacht te Ermelo", *De Volksstem*, 09.01.1895; Anon., "Onderwijsstelsel", *De Volksstem*, 09.01.1895; Anon., "Ermelo's elective", *De Volksstem*, 12.02.1895; Anon., "5000 kinderen", *De Volksstem*, 12.02.1895; Anon., "Onze Artillerie", *De Volksstem*, 12.02.1895.

6 J.J. Ferreira (korr.), "De heer van Zijl"; *De Volksstem*, 05.01.1895; H.W. de Haas (korr.), "Belasting op meel", *De Volksstem*, 12.01.1895; C.J. Joubert (korr.), "De heer Joubert spreekt", *De Volksstem*, 12.01.1895; en De Winter (korr.), "Wanneer?" *De Volksstem*, 12.01.1895.

7 Anon., "Electie-nieuws, Ermelo", *De Volksstem*, 09.02.1895; Anon., "Eerste Volksraad", 16.02.1895; Anon., "De Charlestown-verlenging", *De Volksstem*, 16.02.1895; Anon., "De bijeenkomst der kommandanten", *De Volksstem*, 20.02.1895.

8 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 31.05.1896.

9 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 31.05.1896.

1895, dit wil sê in die winter, plaasvind. Die gevaar van malaria in die Laeveld was dan gering. Reeds in April 1894 het Engelenburg aan Leyds voorgestel dat ŉ reusagtige wapententoonstelling gehou moes word by die plek waar Kruger en die Portugese goewerneur elkeen die laaste boute van die treinspoor sou vasdraai. Aangesien Engelenburg wou hê dat die geleentheid ordelik en met groot luister moes geskied, het hy ook die vrymoedigheid geneem om nog ŉ paar voorstelle te maak. Hy het aan Leyds voorgestel dat daar een of meer goeie musiekorkeste moes wees en dat ŉ Nederlandse oorlogskip (moontlik ook skepe van ander lande) in Delagoabaai aanwesig moes wees.[11] Leyds het drie maande later, op 6 Julie 1894, in ŉ geheime sitting die voorstel van Engelenburg aan die Volksraad voorgelê.[12] Met die oog daarop om politieke munt uit die opening te slaan, het die ZAR-regering besluit om wel ŉ Duitse en Nederlandse oorlogskip na die feesvieringe uit te nooi. Vanweë Duitsland se groot kommersiële belang in Delagoabaai[13] en die Oosterspoorlyn, asook die feit dat hulle die ZAR kon help om die politieke magsbalans in Suid-Afrika te handhaaf, is daar veral na die teenwoordigheid van ŉ Duitse oorlogskip uitgesien.[14] Sir Jacobus de Wet was in daardie stadium die Britse agent in Pretoria en hy het geweet dat dit Engelenburg se voorstel was dat oorlogskepe tydens die feesvieringe in Delagoabaai aanwesig moes wees. Hy was waarskynlik woedend toe die ZAR-regering die voorstel aangeneem het. Engelenburg het aan Marie Koopmans-De Wet oor Jacobus de Wet en sy vrou geskryf:

> Gisteren kwam ik ze op straat tegen. Zij 'looked daggers' en ik moest in mezelf lachen! Enfin, een man moet niet bang zijn om zich vijanden te maken.[15]

Reeds in 1892 het Engelenburg aan Marie Koopmans-De Wet geskryf dat sir Jacobus de Wet nie in die ZAR gewild was nie. Persoonlik het hy De Wet hoog geag, maar De Wet het geen prestige verwerf nie, nóg by die Engelse, nóg by die regering. Vir eersgenoemde was hy nie knap en

10 R.W.J.C. van der Wall Bake en E. Bruchner (reds.), *In memoriam N.Z.A.S.M.*, p. 174.

11 Nationaal Archief (NA), Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, lêer 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 19.04.1894.

12 NASA, Pretoria, W.J. Leydsargief (LA), vol. 251, deel II, W.J. Leyds – G.J. Th. Beelaerts van Blokland, 30.12.1894; LA, vol. 687, Notule van ŉ geheime sitting, artikel 716A, 06.07.94.

13 Delagoabaai (vandag Maputo-baai) is deel van Lourenço Marques (Maputo), hoofstad van Mosambiek.

14 NASA, Pretoria, LA, vol. 687, Notule van ŉ geheime sitting, artikel 716A, 06.07.94.

15 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 17.07.1894.

deurtastend genoeg nie en by die Boere het hy geen vertroue gewek nie omdat hulle hom as ŉ Engelse Afrikaner gesien het, wat vir hulle nog veel erger was as ŉ rou Engelsman. Vir hulle was hy vis nog vlees: nóg Engelsman, nóg Afrikaner.[16]

Die amptelike opening van die spoorlyn in Julie 1895 het heelwat voorbereidings geverg. As lid van die spoorlynkomitee moes Engelenburg meehelp om alles vlot te laat verloop. In April 1895 het hy, teen beter wete in, vir ŉ paar dae na Lourenço Marques gegaan, moontlik om te gaan vasstel hoe die feesreëlings daar gevorder het. Terug in Pretoria het hy weer ŉ hewige malariakoorsaanval beleef wat hom ŉ geruime tyd in die bed gehou het. Teen 28 April was Engelenburg weer op die been, ofskoon sy kragte erg afgeneem het. Hy het aan Marie Koopmans-De Wet geskryf dat sy geen idee gehad het hoe slopend so ŉ koors was nie. Binne 24 uur maak dit van ŉ gesonde liggaam ŉ kragtelose individu.[17] Hy het die somer en die hitte van Pretoria onuithoudbaar gevind en het verlang om haar weer te besoek.

> U weet dat Pretoria door zijn ligging nog tropischer is dan andere plekken in de nabijheid.[18]

Marie Koopmans-De Wet se huis was die enigste waar hy die "soet atmosfeer kon inadem" waar iemand sy familie was. In Pretoria het hy wel vriende en kennisse gehad, maar hulle geselskap het nie die gevoel van eensaamheid waarin hy steeds verkeer het, weggeneem nie.[19] Ten spyte daarvan dat hy ná vyf jaar ŉ vriendekring in Transvaal opgebou het, wou die gevoel van eensaamheid nie wyk nie. Op 32-jarige ouderdom het Engelenburg nog nie ŉ vrou gehad of ŉ vaste verhouding met ŉ vrou aangegaan nie. Sy lewe in Pretoria was baie eentonig

---

16 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 01.05.1892.

17 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 28.04.1895.

18 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 25.10.1894.

19 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 28.04.1895.

> ... vooral voor iemand als ik, die van verandering en afwisseling houdt en zich ergert aan banale alledaagsheid.[20]

Hy het wel die troue van generaal Nicolaas Smit (1837-1896) en die weduwee Susanna Maria Preller (gebore Bosman) op 30 Mei 1895 in Pretoria bygewoon. Dit het Engelenburg egter gegrief om generaal Smit so te sien staan en ewe gemaklik die gelukwense van die gaste te aanvaar en die talryke reeks wêreldse liedere aan te hoor so kort ná sy eerste vrou se oorlyde en dit nog in dieselfde kamer waar sy so kort gelede nog gewoon het. Hy het hom verstom oor die gaste se gemaklikheid met die troue, maar, het hy aan Marie Koopmans-De Wet geskryf, waarskynlik het hy, Frans Engelenburg, tot 'n klein minderheid van "abnormale persone" behoort wat anders oor die saak gevoel het as die groot menigte.[21]

Engelenburg het teen daardie tyd al van sy koorsaanval herstel en het aan Marie Koopmans-De Wet geskryf dat meneer Middelberg ook erg onder die koors deurgeloop het en dat hy maer geword het. Trouens, daar was heelwat siekte in Pretoria.

> Di maand Mei is altijd di gevaarlijke maand.[22]

Ten spyte daarvan dat baie mense weens koors siek was, moes alle reëlings vir die komende feestelikhede gefinaliseer word. As lid van die spoorwegkomitee sou Engelenburg 'n beduidende aandeel aan die reëlings gehad het. Die opening van die Oosterspoorlyn in Julie 1895 was 'n hoogtepunt in die geskiedenis van Suider-Afrika en van die NZASM. Die spoorwegmaatskappy het deurlopend baie aandag aan sy betrekkinge met die publiek en sy beeld in die openbare mening gewy weens die skerp en dikwels onbillike kritiek wat die opposisiepers teen Kruger se bewind en die NZASM gelewer het.[23] Dié maatskappy was, volgens die opposisieparty van die Kruger-regering, monopolisties en sy personeel het behoort tot "Kruger se Hollanders" wie se

---

20 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 28.04.1895.

21 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 30.05.1895.

22 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 11.05.1895.

23 Anon., "Hollandsche feestviering", *Land en Volk*, 03.09.1894; Anon., "A secretarial indiscretion", *The Star*, 25.03.1890.

bevoorregte posisie in Transvaal afgekeur is.[24] Daarom het die NZASM-direksie vriendskapsbande aangeknoop met twee koerante wat Kruger gesteun het. Dit was *De Volksstem*, met Engelenburg as redakteur, en *De Pers/The Press*, met die ewe bekende Leo Weinthal as redakteur. Hulle steun moes dien as teenwig vir die kritiek van opposisiekoerante soos *The Star* in Johannesburg[25] en *Land en Volk* in Pretoria.[26] Engelenburg en Weinthal het elk 'n besondere feesuitgawe laat verskyn.[27] Engelenburg het in sy uitgawe 'n beknopte geskiedenis gegee van die vroeëre pogings van Afrikaners om in gereelde verbinding met Delagoabaai te tree en van Nederlanders se pogings om via dié baai met die Voortrekkers en hulle nasate in aanraking te kom. Hy het verklaar dat die vroeëre mislukkings daarvan die gevolg was van die groot afstand van die Baai na die dorpe in die verre hinterland en die siektes wat mens en dier in die ongesonde Laeveld geteister het.[28] Engelenburg het ten slotte beklemtoon dat die Nederlanders se vernuf en die volharding van die NZASM dit moontlik gemaak het om in 1895 die lank gekoesterde spoorverbinding tussen Transvaal en Delagoabaai te bewerkstellig. Hy het die Nederlanders wat die aanvoorwerk gedoen het, geprys.[29]

Die regering was tydens die amptelike openingsplegtigheid in Pretoria die gasheer. Honderde uitgelese gaste van buurlande is ook genooi. In hulle geledere was die Britse hoë kommissaris, sir Hercules Robinson; die goewerneur van Natal, sir Walter Hely-Hutchinson; die administrateur van Betsjoeanaland (tans Botswana), sir Sydney Sheppard; die hoofregter van die Oranje-Vrystaat, sir Henry de Villiers; volksraadslede van die Vrystaat; die goewerneur van Lourenço Marques; die direkteur van die Portugese spoorweg; en die bevelvoerders en offisiere

---

24 Anon., "Krugers ambtenaren", *Land en Volk*, 02.02.1892; Anon., "Een staats financier", *Land en Volk*, 2.02.1892; Anon., "Hollanders en de Transvaal", *Land en Volk*, 26.01.1892; Anon., "Hollanders in dienst", *Land en Volk*, 22.03.1892; Anon., "Dr. Leyds", *Land en Volk*, 26.04.1892; Anon., "De Staatssecretaris koning", *Land en Volk*, 22.03.1892.

25 Anon., "Reelection Dr. Leyds", *The Star*, 25.03.1890"; Anon., A secretarial indiscretion", *The Star*, 27.03.1890.

26 Anon., "Krugers ambtenaren", *Land en Volk*, 02.02.1892; Anon., "Een staats financier", *Land en Volk*, 2.02.1892; Anon., "Hollanders en de Transvaal", *Land en Volk*, 26.01.1892; Anon., "Hollanders in dienst", *Land en Volk*, 22.03.1892; Anon., "Dr. Leyds", *Land en Volk*, 26.04.1892; Anon., "De Staatssecretaris koning", *Land en Volk*, 22.03.1892.

27 F.V. Engelenburg, *De Delagoabaai Spoorweg. Een terugblik met een almanak voor het jaar 1895* (Volksstem Drukkerij, Pretoria, Desember 1895); en L. Weinthal, *De Delagoa-Baai Spoorweg/The Delagoa Bay Line 1874-1895* (The Press/De Pers, Pretoria, 1895).

28 F.V. Engelenburg, *De Delagoabaai Spoorweg. Een terugblik met een almanak voor het jaar 1895*, pp. 3-10.

29 F.V. Engelenburg, *De Delagoabaai Spoorweg. Een terugblik met een almanak voor het jaar 1895*, pp. 26-28.

van die Britse, Duitse en Nederlandse oorlogskepe in Delagoabaai. Die hele Pretoria was in 'n feestelike stemming. Die amptelike opening het op Maandagmiddag 8 Julie 1895 op die Pretoriastasie plaasgevind. Ná die openingseremonie het die eregaste in oop rytuie na die markgebou vertrek, waar hulle deur die landdros van Pretoria verwelkom is. Die marksaal is vir die geleentheid beskikbaar gestel. Vooraf is 'n maand spandeer om die plek as onthaalsaal op te knap en te versier. Die mure was bedek met muurskilderye van tonele langs die spoorwegroete, gedoen deur die latere welbekende skilder Frans Oerder. Die feestelikheid in Pretoria het vier dae geduur.[30]

Ná afloop daarvan het Kruger, vergesel deur die Volksraadslede van die ZAR en die Vrystaat, per trein na Lourenço Marques vertrek om dié natuurlike hawe van naderby te beskou. Engelenburg het as lid van die spoorwegkommissie, maar ook as redakteur van *De Volksstem*, die geselskap vergesel. In Lourenço Marques is die groep op Saterdag 13 Julie onder die geklank van die Transvaalse volkslied en 'n saluut van 21 kanonskote van die Nederlandse oorlogskip *Koningin Wilhelmina* in die teenwoordigheid van Portugese, Britse en Nederlandse offisiere op die stasie verwelkom.

Lede van die geselskap, onder wie Engelenburg, het ná hulle aankoms die Britse oorlogskip *Blonde* besoek, waarna hulle dieselfde middag ook die *Koningin Wilhelmina* besoek het.[31] Die teenwoordigheid van 'n groot aantal Transvalers in Lourenço Marques was 'n opvallende kenmerk van Kruger se besoek. Die dorp is as't ware deur die Transvalers oorgeneem en die Transvaalse volkslied is tot vervelens toe in elke hotel en kroeg gesing. Die burgers se gewildste tydverdryf was om bedags die *Koningin Wilhelmina*, wat "ons skip" genoem is, te besoek en saans die uitvoerings van die Portugese orkes by te woon.[32]

---

30 Unisa-argief, Pretoria, Pretoria Club-versameling, 1885-1902, T.C.W. Dodd, "Pretoria Club 1885-1935. Some notes on the earlier history of the Club".

31 P. Edwards, Die Zuid-Afrikaansche Republiek en Groot-Brittanje se stryd om Delagoabaai, 1889-1899, p. 156.

32 NASA, Pretoria, LA, vol. 251, deel III, W.J. Leyds – G.J. Th. Beelaerts van Blokland, 10.06.1895. Sien ook P. Edwards, Die Zuid-Afrikaansche Republiek en Groot-Brittanje se stryd om Delagoabaai, 1889-1899, p. 156; en Anon. (waarskynlik Engelenburg), "Uit Delagoabaai", *De Volksstem*, 17.07.1895.

Tydens ŉ tweede besoek van Kruger aan die *Koningin Wilhelmina* het hy en die Transvalers ŉ swak indruk gemaak deurdat die meeste met ongeskeerde gesigte op die skip gegaan het terwyl die offisiere in gala[33] was. Dit het Leyds prikkelbaar gemaak en hy was negatief oor die besoek. Hy het aan Beelaerts van Blokland geskryf dat die burgers soos gewoonlik gekyk het wat hulle uit die besoek kon haal en byvoorbeeld by die aanbied van ŉ kissie sigare opsluit ŉ handvol uitgehaal het. Verder het hulle ŉ nadelige invloed op die dissipline van die skeepslui gehad. Hulle het met almal ŉ gesprek aangeknoop.

> De boeren toch kennen in den regel geen discipline, ... kennen geen rang, stand of positie, geen autoriteitsgevoel en geen piëteit.[34]

Die grootste moeite het Leyds met president Kruger gehad, vernaamlik omdat hy by elke geleentheid elkeen betitel het as "een van onze oude burgers", al het hulle gegrief daaroor gevoel. Die wanorde by die *vestiaire de conversation*,[35] ongeveer die enigste onaangename insident, was hoofsaaklik te wyte aan generaal Piet Joubert, wat self die kommissaris van orde opsy gestamp het.

> O, die losbandigheid hier, die onder den schoonen naam van vrijheid gaat![36]

Tydens al die feestelikhede het Engelenburg aan Marie Koopmans-De Wet geskryf van die plan van die president om die burgers gratis per trein na Delagoabaai te vervoer. Dit het uitstekende gevolge gehad. Uiteindelik het die gemeenskap die verdienstelikheid van die spoorlyn erken. Die Transvalers het agting vir Kruger en sy "Hollanders" gekry.[37] Die aanwesigheid van die Nederlandse oorlogskip in Delagoabaai het ook ŉ positiewe uitwerking gehad, soos ook die besoek van ŉ twaalftal Nederlandse offisiere ŉ paar dae te vore aan Pretoria. Die Transvaalse gemeenskap het die Nederlanders daarna in ŉ gunstiger lig beskou.[38]

---

33 Die offisiere was in formele vlootdrag geklee vir president Paul Kruger se besoek aan die skip.

34 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 45, W.J. Leyds - G.J. Th. Beelaerts van Blokland, 10.06.1895.

35 Vertrek waar kledingstukke, byvoorbeeld jasse en sambrele, gehou word tot die gas weer vertrek.

36 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 45, W.J. Leyds - G.J. Th. Beelaerts van Blokland, 10.06.1895.

37 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 07.07.1895.

38 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 07.07.1895.

Engelenburg moes teen wil en dank gedurende die paar dae in Lourenço Marques in die strate rondstap omdat hy in een van die hotelle in die dorp tuisgegaan het. Dit was vir hom geen aangename ervaring nie en hy het die toestande (in die idioom van die tyd) in ŉ artikel in *De Volksstem* verwoord. Die gebrek aan reinheid (higiëne), dit sou geeneen van die besoekers aan Lourenço Marques ontken nie, was een van die groot probleme van die plek. Die laer en besigheidsgedeelte van die stad het ŉ bevolking van, volgens hom, die allerergste mengelmoes denkbaar gehuisves. Indiërs, Arabiere, baster-Portugese, Sjinese, Japannese, Mosambiekers, kaffers (*sic*), en wat nie alles nog nie het daar in ŉ bonte verwarring saamgeleef. Die onaangename geure wat uit die ongesonde geboue en winkels gekom het, was oortuigende bewyse van die onsindelikheid van die bewoners. Die voedsel wat op wanordelike wyse in die winkels verstrooid gelê het, was besonder walglik en het selfs die grootste eetlus gedemp. Op die strate het dit gekrioel van "swart gespuis" wat nie vir ŉ blanke pad gegee het nie en die besoekers is met ŉ half nuuskierige, half brutale (d.w.s. parmantige, vrypostige) blik aangestaar. Die slaghuis het nog onoogliker gelyk. Hy het gereken om te sien hoe die vleis op die hoofde van "die vuil inboorlinge" rondgedra word, genoeg was om iemand ŉ maand lank van hierdie hoogs nuttige voedingstof te laat afsien. Die verblyf in die International Hotel, waar Engelenburg en die ander besoekers vier dae vertoef het, was nie gerieflik nie, en bepaald "slecht". Die grootste rede tot klagte was die verregaande onreinheid wat oral merkbaar was.[39]

Ten spyte van die vuil toestande in die dorp was die Transvaalse groep se vertrek uit Lourenço Marques net so indrukwekkend as hulle aankoms. ŉ Berede erewag, ŉ infanteriebataljon en ŉ orkes het die president en sy geselskap, onder wie Engelenburg, onder luide toejuiging na die stasie begelei, waar al die buitelandse konsuls, vlootoffisiere en ŉ groot aantal Transvaalse burgers vir die afskeidseremonie teenwoordig was. Ná dawerende juigkrete en die speel van die Transvaalse volkslied het die trein Lourenço Marques onder die gebulder van kanonskote verlaat.[40]

---

39 F.V. Engelenburg, "De terugreis", *De Volksstem*, 20.07.1895.
40 F.V. Engelenburg, "De terugreis", *De Volksstem*, 20.07.1895.

In 1897, twee jaar ná die opening van die Oorsterspoorweg, het Engelenburg die ZAR-regering ingelig dat hy deur die koning van Portugal benoem is tot "Kommandeur der Koninklijke Militaire Orde van Nossa Senhora de Conceição de Villa Viçosa". Dit is aan hom toegeken op grond van die diens wat hy gelewer het tydens die ontwikkeling van die spoorweg. Hy het toestemming van die regering gevra om die benoeming te aanvaar en die ordeteken by geleentheid te dra.[41] Hy het aan Marie Koopmans-De Wet geskryf oor die eer wat hom te beurt geval het. Dit sou veral vir sy moeder genoegdoening gee en aan haar ʼn aangename oomblik besorg om te weet dat haar seun by plegtige geleenthede die glinsterende plaatjie op die bors en ʼn skitterende ster aan ʼn kleurvolle lint om sy nek kon vertoon![42]

Die vervoer van goedere oor die spoorlyn het nie altyd goed verloop nie. Aan die ZAR-gedeelte van die spoorweg het dit glad verloop, maar dit kon nie gesê word van die vervoerwerk aan Portugese kant nie. Soms het treine met slegs drie waens uit Lourenço Marques vertrek, terwyl meer as 170 waens op die goederespoor gestaan het. Hoewel die NZASM in staat was om te help, wou hulle vanweë die swak konstruksie en instandhouding van die Portugese spoorweg nie hulle swaar lokomotiewe op die Portugese lyn waag nie.[43] Die geriewe by die hawe was ook hopeloos onvoldoende om die invoer van goedere na die ZAR te hanteer. Verder was die groot aantal defektiewe Portugese lokomotiewe daarvoor verantwoordelik dat goedere weke lank in vragwaens aan wind en weer blootgestel is. Engelenburg het die swak toestande daaraan toegeskryf dat die gehaltebeheer van die Portugese amptenare in Lourenço Marques veel te wense oorgelaat het. Dr. Leyds, wat die moontlikheid van Britse intimidasie nie uitgesluit het nie, was vas oortuig dat die Portugese, ten spyte van hulle veelgeroemde patriotisme, nie sou huiwer om met Brittanje te heul ten koste van die ZAR nie.[44] Die onderlinge sentimentele bindinge tussen die koloniale moondhede van Europa was heelwat sterker as die bande van vriendskap wat hulle verstewig het met ʼn onafhanklike staat in Afrika, geskep deur mense van

41 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 5, sublêer 16, R13418/97, B.B. 2669/97, Staatsekretaris – F.V. Engelenburg, 01.10.1897.

42 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, 27.09.1897.

43 NASA, Pretoria, LA, vol. 251, Van den Wall-Bake – G.J. Th. Beelaerts van Blokland, 18.06.95. Sien ook P. Edwards, Die Zuid-Afrikaansche Republiek en Groot-Brittanje se stryd om Delagoabaai, 1889-1899, p. 161; en F.V. Engelenburg, "De terugreis", *De Volksstem*, 20.07.95.

44 NASA, Pretoria, LA, vol. 251, deel III, W.J. Leyds – G.J. Th. Beelaerts van Blokland, 02.02.1895.

Europese afkoms. Portugal se verhouding met Brittanje het gou duidelik geword kort voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog. Indertyd sou ook Duitsland afstandelik wees teenoor die ZAR in sy stryd met Brittanje.

**Betrekkinge tussen die ZAR, Brittanje en Portugal**

Die bou van die Oosterspoorlyn was die begin van ŉ nuwe tydvak in die betrekkinge tussen die ZAR en Delagoabaai, waarin nie Portugal nie, maar die nuutverkose Britse regering, met die Britse eerste minister, lord Salisbury en die Britse minister van kolonies, sir Joseph Chamberlain aan die spits, ŉ deurslaggewende rol sou speel.[45] Die grootste vrees van die Britse regering sedert die bou van die Oosterspoorlyn ŉ aanvang geneem het, was veral dat Portugal die Portugese gedeelte van die Delagoabaai-spoorweg aan die ZAR of aan ŉ ander moondheid sou afstaan. Brittanje het dus voortdurend versekering van die Portugese regering probeer verkry dat Portugal nie die spoorweg sou vervreem nie, behalwe aan die Britse regering.[46] Op sy beurt was die Transvaalse regering weer bekommerd dat die Britte met die Portugese sou onderhandel oor die aankoop van Delagoabaai.[47]

Engelenburg wou *De Volksstem* graag internasionaliseer sodat Portugal kon kennis neem van wat in Delagoabaai gebeur. Die enigste doeltreffende manier om die Portugese publiek se simpatie vir die ZAR se probleme te verkry, was om alle nuus oor Delagoabaai in *De Volksstem* te publiseer. In Julie 1895 het Engelenburg met voorbereidings vir ŉ weeklikse byvoegsel in sy koerant in Frans, *La Semaine* [Die Week], begin. In Lourenço Marques het min koerante verskyn en hy het dit goedgedink om die Portugese regering op die hoogte te hou van wat daar gebeur en wat die houding van die mense daar teenoor die ZAR-regering was. Die koerante het hy na die groot Portugese dagblaaie gestuur, sodat daar ŉ moontlikheid sou bestaan dat die publiek in

45 J.A.S. Grenville, *Lord Salisbury and foreign policy: the close of the nineteenth century*, pp. 177-198. Sien ook R. Robinson en J. Gallagher, *Africa and the Victorians: the official mind of Imperialism*, pp. 255-256; en P. Edwards, Die Zuid-Afrikaansche Republiek en Groot-Brittanje se stryd om Delagoabaai, 1889-1899, p. 163.

46 NASA, Pretoria, LA, vol. 625, GR 306/94, G.J. Th. Beelaerts van Blokland – Duitse Ministerie, 30.05.1894.

47 NASA, Pretoria, LA, vol. 625, GR 107/93, Korrespondensie insake verkryging van regte in Lourenço Marques; Notule van die Uitvoerende Raad, vol. 683, no. 3, 19.09.1893; en LA vol. 251, deel III, W.J. Leyds - G.J. Th. Beelaerts van Blokland, Konfidensieel, 02.02.1895.

Lissabon die behoeftes van die ZAR kon verneem. Die eerste uitgawe van *La Semaine* het op Saterdag 3 Augustus 1895 verskyn, en hy het ŉ eksemplaar aan Leyds gestuur:

> Hierbij ingesloten vindt U het eerste nummer van een fransch supplementje der Volksstem, voornamelijk bestemd voor Portugal om de mensen daar wakker te houden.

Indien Leyds iets in Lissabon bekend wou maak, kon hy dit vir Engelenburg stuur, wat dit in die koerantjie, wat daar wyd gesirkuleer is, sou plaas.[48] Engelenburg het dit ook oorweeg om ŉ "mail-koerantje" in Duits uit te gee wat bestem sou wees om die goeie verhoudinge tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en Europa te bevorder. Met *La Semaine* het Engelenburg sukses behaal. Twee maande nadat hy daarmee begin het, het hy uit Lissabon verskeie Portugese koerante ontvang. Daaruit kon hy aflei dat die artikels oor Lourenço Marques groot indruk gemaak het. Al dié inspannende werk het hom uitgeput

> en soms heb ik berouw dat ik mij zoo intens met al die dingen inlaat.[49]

Die algemene publiek in Mosambiek en ook in Portugal was die Boere goedgesind. Waarskynlik het Engelenburg se Franse weekblad meegehelp om die publiek se guns verder te wen. Wat die Portugese regering se hoë amptenary betref, was hulle meer besorg oor Portugal se verhouding met die Britse regering as wat hulle belang gestel het in die wel en wee van die Boere in Transvaal.

**Engelenburg ontvang burgerskap van die ZAR**

Ofskoon die joernalistiek nie altyd bevredigend vir Engelenburg was en die Nederlanders nie altyd welkom in die ZAR gevoel het nie, het Engelenburg al hoe meer verknog aan Suid-Afrika geraak. Reeds voor die 1895-spoorwegfeesvieringe het hy al daaraan begin dink om aansoek om Transvaalse burgerskap te doen. By implikasie sou hy daardeur dus sy Nederlandse burgerskap verloor. Op 9 April 1895 het veldkornet Melt Marais[50] te Pretoria ŉ sertifikaat uitgereik waarin verklaar word dat Engelenburg sedert Oktober 1889 in Pretoria gewoon het, minstens vyf jaar lank aan die veldkornet bekend was en in die tyd die landswette steeds getrou en gehoorsaam

---

48 NA, Den Haag, W.J. Leyds-versameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 03.08.1895.

49 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 22.07.1895.

50 Melt Marais was ŉ ouer broer van Eugène Nielen Marais.

nagekom het.[51] Op dieselfde dag het die Pretoriase landdroskantoor 'n sertifikaat uitgereik waarin verklaar is dat, volgens die registers van die landdroskantoor, daar geen kriminele vonnis teen Engelenburg was nie.[52] Engelenburg moes ook op 9 April voor landdros C.E. Schutte onder eed verklaar dat hy die persoon is wat in die veldkornet se sertifikaat genoem word.[53] Engelenburg het op 15 Augustus 1895 al die nodige dokumentasie saam met sy aansoek aan landdros Schutte voorgelê.[54] Daarvoor het hy £2 betaal.[55] Vrederegter H. van Borselen het op sy beurt 'n beëdigde verklaring uitgereik dat hy vas oortuig was dat die persoon wat homself F.V. Engelenburg genoem het en aansoek om burgerskap gedoen het, inderdaad die wettige draer was van die naam F.V. Engelenburg.[56] Op 16 Augustus het staatsprokureur Ewald Esselen, wat in daardie stadium 'n tydelike pos as staatsekretaris beklee het, 'n aantekening in die lêer gemaak dat naturalisasie aan Engelenburg toegeken is. Op 19 Augustus is die dokumente aan dr Leyds gestuur vir ondertekening. Op dieselfde dag het landdros Schutte vir Engelenburg per brief in kennis gestel dat burgerskap aan hom toegestaan is,[57] en dat hy so gou moontlik die burgereed moes kom aflê.[58] Engelenburg het dieselfde dag die eed gaan aflê, waarna landdros Schutte vir veldkornet Marais daarvan in kennis gestel het.[59]

Met die opening van die Delagoabaai-spoorlyn en die verkryging van burgerskap agter die rug wou Engelenburg 'n paar weke lank wegkom van die koerant en die werk wat daarmee gepaard gegaan het. Hy het aan Marie Koopmans-De Wet geskryf dat sy byna onoorkomelike traagheid om 'n bepaalde handeling te doen, 'n besoek af te lê, 'n brief te skryf of selfs om iets te koop

---

51 NASA, Pretoria, Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Argief van die Staatsekretaris (SS), 4946, verw. R7959/95, sertifikaat onderteken deur veldkornet Melt Marais, Pretoria, 09.04.1895.

52 NASA, Pretoria, TAB, SS, 4946, verw. R7959/95, sertifikaat uitgereik deur die Landdroskantoor, 09.04.1895.

53 NASA, Pretoria, TAB, SS, 4946, verw. R7959/95, beëdigde verklaring deur F.V. Engelenburg voor die landdros van Pretoria, 09.04.1895.

54 NASA, Pretoria, TAB, SS, 4946, verw. R7959/95, sertifikaat en beëdigde verklaring wat op 09.04.1895 aan Engelenburg uitgereik is.


55 NASA, Pretoria, TAB, SS, 4946, verw. R7959/95, kwitansie ter waarde van £2, 15.08.1895.

56 NASA, Pretoria, TAB, SS, 4946, verw. R7959/95, beëdigde verklaring van H. van Borselen, 15.08.1895.

57 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Brief van Naturalisasie, verw. R.B.B. 1226/95, R.7959/95, 19.08.1895.

58 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, C.E. Schutte – F.V. Engelenburg, verw. 881/95, 19.08.1895. Sien ook L.E. Brink, 'n Biografie van die taalstryder F.V. Engelenburg tot met die stigting van die S.A. Akademie in 1909, pp. 119-120.

59 NASA, Pretoria, TAB, SS, 4946, verw. R7959/95, C.E. Schutte – Melt Marais, 19.08.1895.



# BRIEVEN VAN NATURALISATIE.

In termen van artikel 1, afdeeling 6, van Wet No. 3, 1894, zijnde verduidelijking en wijziging van Wet No. 13, 1891, worden mits deze, namens de Regeering der Zuid-Afrikaansche Republiek, Brieven van Naturalisatie verleend aan

Frans Vredenrijk Engelenburg

thans te Pretoria

zijnde volgens desbetreffende certificaten en advies, aan de vereischten der Wet ten volle door hem voldaan.

Pretoria, 19de Aug 1895.

[signature]

Staatssecretaris.

[signature]

Staatsprocureur.

Illustrasie 20: Brief van Naturalisasie wat in 1895 aan Engelenburg uitgereik is. Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling.

bepaald ŉ siekteverskynsel moes wees. Hy het hierdie gebrek aan energie aan senu-oorspanning toegeskryf en het ernstig daaraan gedink om ŉ lang vakansie te neem. Dit het nie gelyk of die Volksraad spoedig in reses sou gaan nie en van sy planne om daardie jaar na Rhodesië (tans Zimbabwe) te reis, sou waarskynlik niks kom nie. Hy het egter volstaan met sy plan om Desember na Kaapstad te gaan. Hy was fisiek moeg en wou graag ŉ paar weke rus. Sy werk het nie net behels dat hy *De Volksstem* vol nuus moes kry nie, maar die administrasie en finansiële belange van die *Volksstem*-maatskappy het soms swaar op sy skouers gedruk. Teen 1895 was alle oë op die Witwatersrand gevestig, waar die aandelemark steeds die hoogte ingeskiet het. Ook is voortdurend nuwe goudriwwe ontdek en stukke grond vir groot somme geld verkoop. Vir Engelenburg was dit

> ... alsof de Transvaalse goudvelden weer een nieuwe toekomst tegemoet gaan.[60]

Die meeste van die geld wat geleen is om die myne op die Witwatersrand te vestig, was afkomstig van finansieringsorganisasies in Brittanje, die VSA en Europa. Baie van die geld wat gebruik is, was in die vorm van aandele wat op die aandelebeurse belê is.[61] Engelenburg self het vroeg ná sy aankoms in Suid-Afrika op die aandelebeurs belê. Sy aandele het goed gevaar, so goed dat hy in 1895 ŉ luukse vakansie kon beplan. Hy het meneer L.G. Vorstman,[62] wat saam met hom ŉ huis in St. Andriesstraat in Pretoria gehuur het, oorgehaal om daardie Desember en Januarie saam met hom in die Kaap te gaan vakansie hou. Hulle wou ŉ gemeubileerde huis naby Wynberg huur en Engelenburg het Marie Koopmans-De Wet gevra om vir hom die adres van ŉ huisagent in die Kaap te stuur, asook die gemiddelde prys van ŉ goeie woning. Sou sy iets kon

---

60 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 28.04.1895.

61 G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, 1881-1899 IV*, p. 35.

62 Engelenburg en L.G. Vorstman het vir ŉ paar jaar saam die huis gehuur. Vorstman was ook van Nederland afkomstig en is in 1891 aangestel as direkteur van die Nederlandsche Bank- en Credietvereeniging voor Zuid-Afrika. Toe Kruger ŉ dinamietkonsessie aan die Duitser Edward Lippert toegeken het, het laasgenoemde ŉ kontrak met ŉ Franse maatskappy gesluit om dinamiet te vervaardig. ŉ Jood, Sammy Marks, het ŉ 25%-aandeel bekom omdat hy Kruger oortuig het om so ŉ konsessie aan Lippert toe te ken. ŉ Filiaalmaatskappy is in Pretoria gestig waarvan Vorstman deur die regering as die besturende direkteur aangewys is. ŉ Kontrak van 15 jaar is met Vorstman gesluit om dinamiet en ander plofstof wat benodig is, te vervaardig, hoofsaaklik vir mynboudoeleindes, maar ook vir ammunisie.

vind vir £15 tot £20?[63] Hulle het haar voorstel om in 'n losieshuis tuis te gaan nie oorweeg nie, omdat hulle 'n groot afkeer aan losieshuise gehad het. Engelenburg en Vorstman wou liewer in 'n vakansiehuis tuisgaan en was bereid om meer daarvoor te betaal. Desnoods kon hulle hul eie bediendes saamneem, want dié moes in elk geval in diens gehou word. Hulle wou die vakansie luuks inrig, en waarom nie, noudat die aandelemark vir hulle 'n bietjie gunstig was? Bowendien het Engelenburg dr. Leyds en sy vrou genooi om vir 'n paar weke by hom en Vorstman in Wynberg tuis te gaan en so nou en dan wou hulle mense vir aandete oornooi. 'n Paar ongetroude vriende sou ook daar kon tuisgaan.

> U ziet uit dit alles dat wij de zaak op ruime schaal willen opvatten en de naam der Z.A. Republiek hoog willen ophouden.[64]

Engelenburg het beplan om die huis van 1 Desember 1895 tot 31 Januarie 1896 te huur, liefs so naby moontlik aan die mooi wandelpaaie. Hy was onverskillig oor die prys, want 'n paar pond meer vir 'n goeie woning sou die geld werd wees. Hy het gehoop dat sy tante en haar suster baie dikwels by sy vakansiehuis sou kom kuier.[65] Engelenburg was tevrede met haar voorstel dat die huisagent moes soek vir 'n vakansiehuis, iets soortgelyks aan dié van sir Henry de Villiers (1842-1914).[66] Indien moontlik moes daar ook 'n stal wees, omdat hy en Vorstman beplan het om gedurende die vakansie ryperde en moontlik 'n perdekarretjie aan te hou. Hy self sou eers op 16 Desember in die Kaap aankom en teen die middel van Januarie na Pretoria terugkeer omdat die Volksraad se sitting in Januarie sou begin. Met nog een ding kon sy tante moontlik help, naamlik om 'n bediende te vind vir die perde en vir die moeiliker huiswerk.[67] Van die voorgenome vakansie het egter niks gekom nie, omdat Engelenburg skielik dringende sake gehad het wat hy

---

63 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 15.09.1895.

64 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 26.09.1895.

65 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 26.09.1895.

66 Sir Henry de Villiers was regter in Kaapstad en later voorsitter van die Nasionale Konvensie wat oor die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 onderhandel het. Kyk E. Kahn, "De Villiers, Johan Hendrik" in W.J. de Kock [red.], *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek 1*, pp. 233-240.

67 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 06.10.1895.

in Europa moes gaan doen.[68] Die vraag ontstaan wat dan so dringend was dat Engelenburg ŉ luukse vakansie in die Kaap opsy geskuif het om inderhaas na Europa te vertrek.

**Die regering en die Catembe-ooreenkoms**

Die antwoord is daarin geleë dat die Transvaalse regering voortgegaan het om deur bemiddeling van tussenpersone en met verskillende skemas regte in Delagoabaai te probeer bekom. Een van die vernaamste pogings was die sogenaamde Catembe-ooreenkoms. Die grond waarop Delagoabaai se hawe gebou was, is moerasagtig, terwyl die stuk grond aan die oorkant, Catembe, gunstiger was vir die aanlê van openbare werke. Dit was die strewe van die ZAR om ŉ hawe en dokke aan die suidekant van die Delagoabaai-hawe te ontwikkel. Dr. Leyds het met ŉ gerespekteerde Hamburgse sakeman, Franz Ferdinand Eiffe, wat belange in Mosambiek gehad het, gesprek gevoer oor die verkryging van die Catembe-konsessie, wat in daardie stadium aan P. Antonio Perasini, P. Perez en C. Wack behoort het.[69] Delagoabaai het deel gevorm van Lourenço Marques en lê aan een kant van die mond van die Breederivier.

Die regering was van oordeel dat Catembe by uitstek daarvoor geskik was, veral omdat daar geen bestaande werke in die weg gestaan het nie. Die ZAR-regering wou Catembe dus koop, dog om politieke redes kon hy nie openlik as koper optree nie en het hy ŉ betroubare tussenpersoon nodig gehad.[70] F.F. Eiffe was so ŉ betroubare persoon. Hy het hom bereid verklaar om ŉ geheime ooreenkoms met die ZAR te sluit om in sy eie naam, maar in werklikheid met fondse verskaf deur die ZAR se regering en ten behoewe van die ZAR, die konsessie te koop. Leyds het ŉ memorandum oor die saak aan die Uitvoerende Raad voorgelê waarin hy voorgestel het dat sekere persone in private hoedanigheid na Lissabon gaan om daar oor die verkryging van sekere regte in Delagoabaai te onderhandel. Om die saak tot op die laaste geheim te hou het Leyds die volgende aanbeveel:

---

68 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 19.11.1895.

69 NASA, Pretoria, LA, vol. 77, W.J. Leyds – F.F. Eiffe, 10.08.1899.

70 NASA, Pretoria, LA, vol. 77, Uittreksel uit brief, W.J. Leyds, Den Haag – D.J. de Villiers, gesant van die Unie van Suid-Afrika, 05.03.1931.

> The case must *not* come before the Raad until the whole matter has been settled; The private persons *must* be thoroughly trustworthy.[71]

Hy het as voorwaarde gestel dat die regering se aandeel daarin as die strengste geheim bewaar moes word. Indien iets daarvan sou uitlek, sou daar oombliklike teenkanting van die Engelse gesant in Lissabon en die Portugese regering self wees.[72] Op 7 November 1895 het die Uitvoerende Raad in die geheim besluit om £17 500 beskikbaar te stel om die Catembe-konsessie aan te koop.[73] Deur hierdie transaksie het die ZAR indirek 'n vyfagste-aandeel in die Catembe-konsessie verkry. 'n Kontrak is tussen die ZAR-regering en Eiffe gesluit.[74] Kort nadat Eiffe in 1895 ook 'n kontrak met Perasini, Perez en Wack gesluit het, wou Eiffe na Duitsland gaan om steun vir die projek by invloedryke persone te soek.[75] Met hierdie planne in gedagte het Eiffe op 12 November 1895 na Europa vertrek.[76] Sir Jacobus de Wet het intussen uit 'n betroubare bron verneem dat 'n Transvaalse sindikaat wat die steun van die ZAR-regering geniet het, reeds gevorm was om regte vir die konstruksie van 'n seehoof in Delagoabaai te verkry. Daarbenewens sou Leyds en Engelenburg volgens hom glo £17 000[77] uit die ZAR se geheime fonds ontvang het om met die oog op die Portugese gedeelte van die Delagoabaai-spoorweg Portugese regeringslui om te koop. Die feit dat al drie persone (Eiffe, Leyds en Engelenburg) aan die einde van 1895 na Europa op pad was, het De Wet laat vermoed dat die ZAR, gesteun deur Duitsland, besig was om agter die skerms met Portugal te heul. Hy was oortuig dat die ZAR-Duitse intriges in Delagoabaai daarop gemik was om Britse belange en prestige in Suid-Afrika te ondergrawe. Afgesien van die Catembe-konsessie het die toename van Duitse oorlogskepe in Delagoabaai Britse regeringslui ook verontrus.[78]

---

71 NASA, Pretoria, LA, vol. 625, deel I, GR 107/93, Secret. Rough summary of the Lourenço Marques question. Ongedateer.

72 NASA, Pretoria, LA, vol. 78, W.J. Leyds – Uitvoerende raad, 04.11.1895.

73 NASA, Pretoria, LA, vol. 683, GR 416/95, Geheime besluit van die Uitvoerende raad, 07.11.1895.

74 NASA, Pretoria, LA, vol. 78, Kontrak tussen die ZAR-regering en F.F. Eiffe, 24.03.1897.

75 NASA, Pretoria, LA, vol. 78, F.F. Eiffe – W.J. Leyds, 13.11.1895 en 15.11.1895.

76 NASA, Pretoria, LA, vol. 78, F.F. Eiffe – Waarnemende Staatsekretaris, 11.11.95; F.F. Eiffe – Staatsekretaris, 11.11.95; F.F. Eiffe – Staatsekretaris, 15.11.95.

77 Jacobus de Wet het waarskynlik nie sy feite korrek gehad nie en hy het verkeerdelik aangeneem dat die £17 000 (in werklikheid was dit £17 500) aan Leyds en Engelenburg oorhandig is om Portugese regeringslui om te koop.

78 F.V. Engelenburg, "Uit Delagoabaai I – van den Editeur", *De Volksstem*, 21.11.1894. Sien ook P. Edwards, Die Zuid-Afrikaansche Republiek en Groot-Brittanje se stryd om Delagoabaai, 1889-1899, p. 186.

Voor sy vertrek op die sending na Europa het Engelenburg ŉ jongman gekry om in sy huis te kom woon. Dit wil voorkom of hy nie geweet het hoe lank hy in Europa sou vertoef nie en het aan Leyds geskryf:

> Alleen mijn paard ga ik verkoopen – wat me erg aan 't hart gaat![79]

Vorstman, wat saam met Engelenburg in die Kaap sou gaan vakansie hou, het sy reëlings ook dadelik gekanselleer en is saam na Europa. Op 19 November het Engelenburg, aan boord van die *Mexican*, aan Marie Koopmans-De Wet geskryf dat hy vir die eerste keer gevoel het hoe sy belangstelling en simpatie vir Suid-Afrika[80] reeds in sy denke vasgewortel en hoe ver in die verlede sy Europese bestaan gelê het. Hy het ook in die brief homself as ŉ Afrikaner beskryf.[81] Die verkryging van ZAR-burgerskap ŉ maand tevore[82] het hierdie gevoel waarskynlik verder versterk. Teen daardie tyd was die Kaapse premier en mynmagnaat, Cecil John Rhodes, reeds lank in die geheim besig om planne te beraam om ŉ inval in Transvaal te bewerkstellig om die Kruger-bewind in die ZAR omver te werp. Sy begeerte was hoofsaaklik om ŉ verenigde Suid-Afrika onder die Britse vlag tot stand te bring.[83]

Terwyl Engelenburg aan boord van die skip was, was Rhodes onregstreeks besig om ŉ kunsmatige revolusie onder die Uitlanderbevolking van Johannesburg op die spits te dryf. Die opstand aan die Rand, wat deur die Transvaal National Union (TNU) georganiseer moes word, sou ondersteun word met ŉ militêre inval, kwansuis om die lewens van die Britse onderdane te beskerm. Uit die geledere van die TNU is ŉ sogenaamde Reform Committee saamgestel wat uit 64 lede bestaan het en leiding in die opstand moes gee. Omdat Brittanje nie amptelik by Rhodes se planne betrokke kon raak nie, was dit nodig om van ŉ private invalsmag gebruik te maak en is

79 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 30.10.1895.
80 Engelenburg praat hier van Suid-Afrika en nie net die ZAR nie.
81 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 19.11.1895.
82 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Brief van Naturalisasie, R.B.B. 1226/95, R.7959/95, 19.08.1895.
83 F.V. Engelenburg, "Zuid Afrika 'Up to date'" in *De Gids*, 60(2), 24.02.1896, pp. 16-17.

die hulp van dr. L.S. Jameson (1853-1917),[84] die administrateur van die destydse Rhodesië, ingeroep om 'n invalsmag saam te stel en te lei.[85]

In Europa het Engelenburg skaars voet aan wal gesit toe die direkteure van *De Volksstem* dringend 'n kabelgram gestuur het dat hy so gou moontlik moes terugkeer, want sy plaasvervanger het skielik kranksinnig geword en in sy "verstandsverbystering" die koerant 'n strafgeding weens minagting van die hof op die hals gehaal.[86] Dit was 'n eienaardige boodskap. Die direkteure het waarskynlik te hore gekom dat iets beplan word, maar wou dit nie prontuit aan Engelenburg stel nie, ingeval dit in die verkeerde hande sou beland en het op dié manier dit by hom probeer tuisbring dat iets groots gaan gebeur. Engelenburg het daarop besluit om dadelik na Suid-Afrika terug te keer. Van Engelenburg se sakebesoek het dus niks gekom nie. Hy het darem tyd gehad om 'n paar persoonlike sake af te handel. By 'n goudsmid in Den Haag, 'n sekere Van Kempen, kon Engelenburg 'n bestelling plaas wat Miss Margaret, die suster van Marie Koopmans-De Wet, voor sy vertrek na Europa aan hom gegee het. Vorstman, wat 'n rukkie langer in Europa sou vertoef, sou dit saambring. Van Engelenburg se voorgenome inkopies in Parys het daar weens 'n gebrek aan tyd ook niks gekom nie want

> ... [i]k ben door Europa moeten vliegen om weer de boot te Southampton te halen.[87]

Die "violette-parfuum" vir sy tante en vir Miss Margaret het hy toe by 'n ander winkel moes koop. Vir sy tante het hy ook iets in Wedgwood-porselein kon vind.[88] Gedurende sy "meteories kort verblijf in Europa" het Engelenburg tog op sy deurtog deur Den Haag tyd kon vind om "glazen schotels te bestellen bij het *piéce de milieu*". Dié sou hulle vir hom aanstuur.[89] Sy beplande besoek aan Italië, Duitsland en Lissabon is ook afgestel.[90]

---

84 Leander Starr Jameson was voorheen 'n mediese dokter.

85 H.M. Hole, *The Jameson Raid*, pp. 62-70. Sien ook T. Upington, W.P. Schreiner, P.J. du Toit, C.T. Jones, J. Rose-Innes, T.E. Fuller en J.X. Merriman, *Report of the select Committee on the Jameson Raid into the territory of the South African Republic* (W.A. Richards & Sons, Staatsdrukkerij, Kaapstad, 1896).

86 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 19.01.1896.

87 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 19.01.1896.

88 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 19.01.1896.

89 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 14.02.1896.

90 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 30.10.1895.

Indien in ag geneem word dat bote destyds minstens 21 dae geneem het om na Europa te vaar, moes Engelenburg, as hy op 12 November saam met Eiffe uit die Kaap vertrek het, ongeveer 3 Desember voet aan wal gesit het. Hy was letterlik net twee of drie dae in Nederland en die eerste boot terug na Suid-Afrika was die een wat hy in Southampton, Engeland, gehaal het. Hy was skaars terug in Pretoria toe die Jameson-inval plaasgevind het.

Leyds en Eiffe het intussen in Europa agtergebly. Leyds moes 'n bestekopname maak van die houding van Europese state teenoor die ZAR en vasstel hoe doeltreffend die republiek se diplomatieke verteenwoordiging in die buiteland was. Tydens sy besoek was hy geskok deur die negatiewe beriggewing oor die Afrikaners in Duitse en spesifiek Franse koerante. Leyds het gemeen dat dit was as gevolg daarvan dat die Britse pers 'n monopolie gehad het met betrekking tot beriggewing van Suid-Afrikaanse gebeure. Britse koerante het sienings gepropageer wat skadelik vir die Afrikaner se saak was. Intussen het Portugal besluit om beslag te lê op die Catembe-strand. Dit het Eiffe en die regering se planne ernstig in die wiele gery. Hy het hom nietemin nie van stryk laat bring nie en in Julie 1896 namens die ZAR 'n verdere kwart aandeel in die Catembe-konsessie verkry. Daardeur is die ZAR se aandeel in die konsessie op sewe-agtstes te staan gebring.[91] In 'n dokument het Eiffe verklaar dat hy in November 1895 vyf agstes van die konsessie gekoop het teen £17 000. In Julie 1896 het hy 'n verdere twee agstes teen £7 000 gekoop en 'n verdere een agste teen £3 500. Die totale aankoop van die konsessie was £28 000.[92] Ná samesprekings in Pretoria het Eiffe op 24 Maart 1897 'n kontrak met die ZAR-regering gesluit ingevolge waarvan hy onderneem het om 'n openbare maatskappy, die Companhia Industrial de Lourenço Marques, op te rig. Die maatskappy sou hom vir die aanleg van 'n hawehoof, 'n drywende droogdok en dorpsontwikkeling op Catembe beywer.[93] Die maatskappy se statute moes deur die Portugese koning onderteken word, maar telkens is besware deur Gomes, Albuquerque en MacDonell geopper. Eiffe het vermoed dat dit met opset gedoen is

---

[91] NASA, Pretoria, LA, vol. 78, deel I, memorandum opgestel deur F.F. Eiffe, 30.07.1898.
[92] NASA, Pretoria, LA, vol. 78, deel 1, verklaring van F.F. Eiffe, 30.07.1898.
[93] NASA, Pretoria, LA, vol. 78, deel I, F.F. Eiffe – Von Wangenheim, 03.01.1898; LA vol. 77, deel II, A.G.A. van Eelde, Utrecht – F.F. Eiffe, Hamburg, 22.09.1897.

met die doel om die registrasie van die maatskappy te verhoed.[94] Die registrasie van die maatskappy het toe nooit gebeur nie en soos vele ander skemas van die ZAR om regte in Delagoabaai te verwerf, het daar uiteindelik ook niks van die Catembe-konsessie gekom nie.[95] Die Catembe-konsessie was nie die enigste Duits-Transvaalse intrige rakende Delagoabaai wat die Britse regering verontrus het nie. Daar was ook sprake dat Leyds by die Duitse regering om hulp sou aanklop om die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg in die hande te kry en dat Portugal versoek sou word om Delagoabaai in ŉ neutrale hawe te omskep. Dit wou vir Chamberlain voorkom asof Kruger vasberade was om Brittanje deur Delagoabaai skaakmat te sit. ŉ Onverwagse besoek van Leyds in Junie 1896 aan Lourenço Marques het die Britse regering se kommer laat toeneem.[96] Watter waarde Brittanje aan die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg geheg het, kom duidelik na vore in ŉ memorandum wat lord Selborne oor die Suid-Afrikaanse vraagstuk opgestel het. Hy het die Portugese spoorweg as die sleutel tot die oplossing van die Suid-Afrikaanse vraagstuk gesien. Indien Brittanje beheer oor die spoorweg kon verkry sou die Britse kolonies hulle kommersiële en finansiële posisie teenoor die ZAR handhaaf en die ZAR-regering laat afsien van hulle intriges met ander moondhede en hulle oorreed om tot ŉ vergelyk met Brittanje te kom. Indien die ZAR of ŉ ander moondheid egter beheer oor die Portugese spoorweg sou verkry kon die ZAR al hulle handel deur Delagoabaai kanaliseer en die kuskolonies sodoende tot op die rand van bankrotskap dryf. Vir Brittanje was dit dus van die uiterste belang dat Portugal of Brittanje in beheer van die Portugese gedeelte van die Delagoaspoorweg bly.[97] Dit wou vir die Britse regering voorkom asof daar slegs twee weë

---

94 P. Edwards, Die Zuid-Afrikaansche Republiek en Groot-Brittanje se stryd om Delagoabaai, 1889-1899, p. 258.

95 NASA, Pretoria, LA 78, deel I, GZR 5395/99, Staassekretaris – Gesant, 20.09.1899. Vgl. P. Edwards, Die Zuid-Afrikaansche Republiek en Groot-Brittanje se stryd om Delagoabaai, 1889-1899, pp. 266, 319; P.J. van Winter, *Onder Krugers Hollanders: geschiedenis van de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-maatschappij*, deel II, pp. 127-129; en L.E. van Niekerk**,** *Kruger se regterhand: ŉ biografie van dr. W.J. Leyds,* pp. 115-116.

96 P. Edwards, Die Zuid-Afrikaansche Republiek en Groot-Brittanje se stryd om Delagoabaai, 1889-1899, pp. 204-205, 210.

97 Memorandum opgestel deur lord R.C. Salisbury, 26.03.1896 in R. Robinson en J. Gallagher (reds.), *Africa and the Victorians: the official mind of Imperialism*, pp. 436-437.

oop was om imperiale gesag in Suid-Afrika te versterk: om druk op Kruger uit te oefen om stemreg aan die Uitlanders te verleen, of om beheer oor Delagoabaai te verkry.[98]

In November 1896 het 'n gerug dat Brittanje 'n vlootdemonstrasie in Delagoabaai beplan het, daartoe gelei dat Engelenburg die neutralisering van die hawe bepleit het. Hy het gemeen dat dit die enigste swak plek in die Suid-Afrikaanse mondering was en 'n bron van vele ongerustheid en intriges sou uitskakel. Boonop sou so 'n neutralisering van die hawe 'n bydrae tot die pasifikasie van suidelike Afrika lewer. Sy voorstel wat in verskeie invloedryke koerante gepubliseer is, het uiteenlopende reaksies in Portugal ontlok.[99] Hoewel die voordele vir Portugese soewereiniteit oor Lourenço Marques ingesien is, is daar ook beweer dat niemand onkundig moes wees oor wat die ZAR met Delagoabaai beoog het indien dit hulle vry sou gestaan het nie.[100] Engelenburg het in sy hoofartikels in *De Volksstem* sy bes probeer om die belangrikheid van Brittanje se eerste opsie op die Portugese grondgebied suid van die Zambesirivier af te water. Daar is onder meer beweer dat: geen Europese moondheid die Anglo-Portugese verdrag van 1891 goedgekeur het nie; Portugal Delagoabaai in elk geval nie sou verkoop nie; en dit naïef was om te glo dat die ZAR sou toelaat dat die lewenskwessies van hulle wêrelddeel deur 'n diplomatieke geskarrel tussen Londen en Lissabon besleg sou word.[101] Volgens Engelenburg was die ZAR nie soos Egipte, Sjina of Turkye waar Europese staatslui soos 'n *corpus vile* na hartelus kon insny sonder om te vra of dit vir die pasiënt aangenaam was nie. Die moontlikheid is selfs voorsien dat Lourenço Marques in 'n tweede Venesië kon ontwikkel "en zich laten floteeren tot een vrije handelsrepubliek".[102] Al die ZAR se skemas om regte in Delagoabaai te verkry het egter, net soos Rhodes en Brittanje se pogings, gestuit teen Portugese nasionale trots en ongeneëndheid om afstand te doen van regte in een van sy oorsese kolonies.[103]

---

98 P. Edwards, Die Zuid-Afrikaansche Republiek en Groot-Brittanje se stryd om Delagoabaai, 1889-1899, p. 208. Vgl. R. Robinson en J. Gallagher, *Africa and the Victorians: the official mind of Imperialism*, pp. 440, 441; en A.N. Porter, *The origins of the South African war: Joseph Chamberlain and the diplomacy of imperialism 1895-99*, pp. 99-101.

99 Redaksionele kommentaar, "Hun hoofd kwijt", *De Volksstem*, 18.11.1896.

100 Redaksionele kommentaar, "Portugese politiek I", *De Volksstem*, 19.01.1897.

101 Redaksionele kommentaar, "Politieke verkleurmannetjies", *De Volksstem*, 28.03.1896.

102 Redaksionele kommentaar, "Portugese politiek I", *De Volksstem*, 19.01.1897.

103 L.E. van Niekerk, *Kruger se regterhand: 'n biografie van dr. W.J. Leyds,* p. 116.

**Die Jameson-inval**

Omstreeks 09:00 op 30 Desember 1895, toe die nuus van die inval Pretoria bereik het, het kommandant-generaal Piet Joubert die kommando's opgeroep. Groot getalle van die burgers wat opgedaag het, was egter sonder geweer of patrone, in weerwil daarvan dat die regering voorgeskryf het dat elke weerbare persoon behoorlik bewapen moes wees. Generaal Joubert het op 31 Desember in aller yl na die geweerhandelaars Stein & Hunter in Port Elizabeth en na die konsul-generaal van die ZAR in Lourenço Marques getelegrafeer om alle beskikbare gewere na die Republiek te stuur.[104]

Toe Engelenburg ŉ telegram oor die inval ontvang, het hy dadelik na president Kruger se huis gegaan. Op die president se stoep het hy ŉ hele klompie mense sien staan met ŉ verslae uitdrukking op hulle gesigte. Kruger het bedaard in sy ontvangkamer gesit en praat ten spyte van die senuweeagtige omgewing.

> Hij deed mij denken aan de figuur van Koutousow uit Tolstoi's *Vrede en Oorlog*, den Russischen opperbevelhebber, die indommelde bij de onnutte beraadslagingen zijner generaals en rustig den loop der gebeurtenissen afwachtte, vertrouwende op zijn goed recht en de krijgsmans-instincten van zijn vrijheidslievend volk.[105]

Ná die Jameson-inval het ŉ artikel wat Engelenburg in sy persoonlike hoedanigheid geskryf het, in die Amsterdamse maandblad *De Gids* verskyn. Die titel van die artikel van 15 bladsye was "Zuid Afrika 'up to date'". Daarin het Engelenburg die situasie in Suid-Afrika en ook in die ZAR uiteengesit en melding gemaak van die "Groote Komplot van Rhodes en diens medeplichtigen". Hy het ook beskryf hoe die onderskeie partye (Boere en Engelse) oor die inval gevoel het. Dié wat die Brits-Imperiale anneksasie-ideale voorgestaan het, het die revolusie met blye verwagting gade geslaan met die vooruitsig dat die hele Suid-Afrika ten slotte "roodgeverfd" sou wees. Die Boere het daarenteen hulle steeds tierende gees van onderlinge jaloesie en partyskap opsygesit. President Kruger se profetiese woorde ŉ paar jaar tevore het

[104] J.H. Breytenbach, "Die boere-offensief Okt.– Nov. 1899" in *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902* deel I, p. 77.

[105] F.V. Engelenburg, "Zuid Afrika 'up to date'" in *De Gids*, 60(2), 24.02.1896, p. 23.

waar geword: Al veg ŉ trop honde hard met mekaar, sal hulle hul gesamentlik verweer as die wolwe opdaag![106]

Engelenburg was daarvan oortuig dat, as die inval geslaag het en die Britse vlag oor die Transvaal gehys is, die hele Afrikanerdom tot die stryd sou toetree en die oorlog nie beëindig sou word voordat daar ŉ volslae oorwinnaar was nie. Hy het gemeen dat onder die Afrikanerbevolking die vaste oortuiging bestaan het dat ŉ eventuele oorlog, onder normale omstandighede, moes uitloop op die vernietiging van die Britse gesag in Suid-Afrika.[107] Hy het diep onder die indruk gekom van hoe die Afrikaners in ŉ tyd van nood nie geaarsel het om hulle land te verdedig nie.

> Nooit heb ik die overtuiging zoo sterk leeren deelen als met den inval van Jameson's vrijbuiters.[108]

Sonder enige administratiewe omslagtigheid, op ŉ eenvoudige telegrafiese berig oor die dreigende gevaar, het die Transvalers hulle self gemobiliseer. Sonder om op hulle bure te wag het elkeen sy perd opgesaal, sy patroongordel om sy lyf gegespe en sy geweer gegryp. Sonder dat hulle iets aan hulle uiterlike kleredrag verander het, het die burgers onmiddellik in soldate gemetamorfoseer.[109] Hy het geskryf dat Pretoria gedurende dié dae ŉ merkwaardige gesig was. Uit die oostelike distrikte het Boere voortdurend die stad met hulle perde ingestroom, soms ŉ paar dosyn ruiters gelyktydig, soms ŉ vader met sy seuns, soms ŉ twee- of drietal ruiters. Die meeste het ŉ lang rit agter die rug gehad, maar selfs vermoeienis en honger het hulle nie in die hoofstad langer laat bly as wat hoog nodig was nie. Met onverskillige kalmte is die tog na Krugersdorp hervat, waar hulle vermoed het hulle die vyand sou vind.

Oor die inval het Engelenburg aangevoer dat die bewering dat die Transvaalse regering vooraf alles van die verraad geweet het, onjuis was. Behalwe die president was al die lede van die Uitvoerende Raad gedurende die Kersdae uitstedig. Eers toe die berigte oor wat in Johannesburg

---

106 F.V. Engelenburg, "Zuid Afrika 'up to date'" in *De Gids*, 60(2), 24.02.1896, pp. 16-17.
107 F.V. Engelenburg, "Zuid Afrika 'up to date'" in *De Gids*, 60(2), 24.02.1896, p. 22.
108 F.V. Engelenburg, "Zuid Afrika 'up to date'" in *De Gids*, 60(2), 24.02.1896, p. 22.
109 F.V. Engelenburg, "Zuid Afrika 'up to date'" in *De Gids*, 60(2), 24.02.1896, p. 22.

aan die gebeur was, ernstige afmetings aangeneem het, het hulle haastig na die hoofstad teruggekeer. Die tyding van die inval het op baie mense ŉ verlammende uitwerking gehad omdat die regering nie in die minste daarop voorbereid was nie.[110] Op 31 Desember 1895 het die eerste skermutseling tussen die Boere en die invallers by Doornpoort plaasgevind. Daar is die invallers op 2 Januarie 1896 deur Cronjé in ŉ hinderlaag gelei en nadat 17 van hulle gedood en 55 gewond is, het hulle oorgegee. Weens ŉ gebrek aan geesdrif het die Uitlanderopstand in Johannesburg nooit plaasgevind nie, en Jameson se inval was gevolglik tot mislukking gedoem.[111] Oor die moeilike dae wat Transvaal daarna beleef het, het Engelenburg gemeen dat dit ŉ wonder van Gods hand was dat alles so afgeloop het.[112]

Kort ná die inval het keiser Wilhelm II (1859-1941)[113] van Duitsland ŉ telegram van gelukwense aan Kruger gestuur. Dit het betrekkinge tussen Brittanje en Duitsland aansienlik versuur. Die opposisieblad, *The Star*, het die telegram gekritiseer en klem gelê op die Duitse gevaar vir Brittanje se koloniale ryk in Suid-Afrika.[114] Wilhelm II was half-Duits en half-Engels en was anti-Engels omdat Brittanje hom nooit ten volle aanvaar het nie. Terselfdertyd was hy uiters jaloers op die Britte en wou graag ŉ Brit wees, maar wou ook "beter" as die Britte wees.[115] Vir Engelenburg was Duitsland se vriendskaplike gebaar teenoor Transvaal ná die Jameson-inval van veel betekenis omdat hy gemeen het dat dit vir Brittanje in bedwang sou hou. Engelenburg het die persveldtog teen Duitsland as ŉ verdagmakery bestempel en beklemtoon dat die sogenaamde "German plot" teen Britse oppergesag in Suid-Afrika op geen feite berus het nie, maar dat dit gefabriseer is deur die Britse pers. Hy het ook beklemtoon dat Transvaal geen vrees teenoor Duitsland moes koester nie, aangesien Duitsland geen protektoraat oor Transvaal verlang

110 F.V. Engelenburg, "Zuid Afrika 'up to date'" in *De Gids*, 60(2), 24.02.1896, pp. 22-23.
111 H.M. Hole, *The Jameson Raid*, pp. 62-70. Sien ook T. Upington, W.P. Schreiner, P.J. du Toit, C.T. Jones, J. Rose-Innes, T.E. Fuller en J.X. Merriman, *Report of the select Committee on the Jameson Raid into the territory of the South African Republic*.
112 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 5.01.1896.
113 Keiser Wilhelm II was die oudste kleinseun van die Britse koningin Victoria en was die laaste keiser van Duitsland.
114 Anon., "The news of the surrender. A message from the Kaiser", *The Star*, 11.01.1896.
115 D. Fromkin, *The king and the cowboy: Theodore Roosevelt and Edward the Seventh, secret partners*, p. 87.



Illustrasie 21: Keiser Wilhelm II van Duitsland.
Bron: Anon., "Wilhelm II" by http://en.wikipedia.org/wiki/wilhelm_II_German_Emperor
(geraadpleeg op 18.10.2014).

het nie.[116] Ook *Land en Volk* was teen die inval gekant.[117] In die jare ná 1896 sou die Europese magspolitiek egter verander en sou daar toenadering tussen Die Britse regering en Duitsland kom. Veral die ooreenkoms tussen Duitsland en Brittanje van 30 Augustus 1898 waarvolgens laasgenoemde 'n vrye hand in Delagoabaai verkry het, was onheilspellend vir Transvaal.[118]

Teen 19 Januarie 1896 het Engelenburg nie geweet wanneer hy weer in Kaapstad sou wees nie, "want ieder dag kan nieuwe verrassingen brengen".[119] Die Britse regering het hom amptelik van die inval gedistansieer en Cecil Rhodes na Londen ontbied om voor 'n komitee te getuig. Hy was daarna verplig om as premier van die Kaapkolonie te bedank. Baie Afrikaners wat Rhodes aangehang het, het na dié gebeurtenis hulle vriendskapsbande met hom verbreek, onder wie Jan Smuts en Marie Koopmans-De Wet. Tot met die Jameson-inval het Engelenburg die Uitlandervraagstuk as 'n blote plaaslike aangeleentheid beskou, maar ná die inval het *De Volksstem* 'n onverbiddelike houding ingeneem. Die uitlewering van Jameson aan die Britse regering is deur Engelenburg as prysenswaardig bestempel, en hy het aan die hand gedoen dat die ZAR-regering 'n wet moes maak om alle ongewenste vreemdelinge die land uit te sit. In dié houding van onverbiddelike optrede teen die Uitlanders het Engelenburg tot met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 volhard.[120] Op 29 Februarie 1896 kon hy verklaar:

> Het groote komplot tegen de Z.A. Republiek is door de Transvaalse Boeren geboomplaats.[121]

Waarskynlik het Engelenburg die Slag van Boomplaats in gedagte gehad toe hy verklaar het dat die Boere die Jameson-inval "geboomplaats" het. Die Slag van Boomplaats is 'n veldslag wat op 29 Augustus 1848 naby Jagersfontein tussen Voortrekkers onder Andries Pretorius en Britse

---

116 Redaksionele kommentaar: "Engeland en de Zuid-Afrikaanse Republiek", *De Volksstem*, 11.01.1896; Redaksionele kommentaar, "Hun hoofd kwijt", *De Volksstem*, 14.11.1896; Anon., ongetiteld, *De Volksstem*, 18.11.1896; Anon., "De Europese situatie", *De Volksstem*, 25.11.1896.

117 Anon., "Ons tweede vryheidsoorlog", *Land en Volk*, 09.01.1896; Anon., "De slag van Doornkop. Jameson's nederlaag. Al de Engelschen gevangen. Transvaal bó.", *Land en Volk*, 09.01.1896; Anon., "Nog groot-praat", *Land en Volk*, 16.01.1896.

118 G.D. Scholtz, *Europa en die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*, p. 32.

119 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 19.01.1896.

120 Redaksionele kommentaar, "Schurken-politiek", *De Volksstem*, 02.05.1896; Redaksionele kommentaar, "Tranen en bloed", *De Volksstem*, 02.05.1896.

121 Redaksionele kommentaar, "Het Bonds-kongres", *De Volksstem*, 29.02.1896.

magte onder Harry Smith plaasgevind het. Pretorius was in bevel van ongeveer 300 man teenoor Smith se 1 200 man. Hoewel die Britte die slag gewen het, het Pretorius se opponering van die Britte sy invloed onder sy eie mense versterk. Die slag was die eerste gewapende stryd van die Boere teen Britse besetting van die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier.[122]

In die eerste ses maande van 1896 het Engelenburg gereeld berigte geplaas waarin hy die inval veroordeel het.[123] Hy het Rhodes vir die aanval blameer,[124] soos ook later deur Kaapse en Britse parlementêre ondersoeke bevestig is.

> Op het oogenblik wordt alles in Engeland aangewend om het verloren prestige in de Z.A. Republiek te herwinnen.[125]

Engelenburg het ook klem daarop gelê dat die sege vir Transvaal baie beteken het en dat Kruger se prestige 'n hoogtepunt bereik het. Die ZAR sou kon reken op die steun van die groot Europese moondhede en op die simpatie van 'n noemenswaardige deel van Suid-Afrika. President Kruger was ook hiervolgens nie die ou, afgeleefde sukkelaar waarvoor sy teenstanders hom gedurig afgemaak het nie. Daar was nog eweveel krag in die Transvaalse volk as 15 jaar tevore.[126] Engelenburg het waarskynlik besef dat die inval net 'n begin was en dat die Britse regering sy oë op die ZAR gehad het vanweë sy ryk goudvelde. Hy het onmiddellike grootskaalse bewapening bepleit.[127] Afgesien van die 5 000 gewere wat generaal Joubert tydens die Jameson-inval bestel het, het die Uitvoerende Raad opdrag gegee dat die generaal nog gewere met die nodige

---

122 J. Visagie, "Uittog en vestiging van die Voortrekkers in die binneland" in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika: van voortye tot vandag*, p. 146.

123 Redaksionele kommentaar, "Het gebroken woord", *De Volksstem*, 04.01.1896; Redaksionele kommentaar, "De overwinning", *De Volksstem*, 08.01.1896; Redaksionele kommentaar, "Een waardeloze Conventie", *De Volksstem*, 08.01.1896; Redaksionele kommentaar, "Hofmeyr's plicht", *De Volksstem*, 08.01.1896; Redaksionele kommentaar, "De huidige positie", *De Volksstem*, 08.01.1896.

124 Redaksionele kommentaar, "Een bescheiden raad", *De Volksstem*, 22.02.1896; Redaksionele kommentaar, "Het gecharterde roovers nest", *De Volksstem*, 22.02.1896; Redaksionele kommentaar, "Politieke verkleurmannetjies", *De Volksstem*, 28.03.1896.

125 Redaksionele kommentaar, "Beroep op Europa", *De Volksstem*, 11.01.1896.

126 Redaksionele kommentaar, "De overwinning", *De Volksstem*, 08.01.1896.

127 Redaksionele kommentaar, "Engeland en de Zuid-Afrikaanse Republiek", *De Volksstem*, 11.01.1896; Redaksionele kommentaar, "Schurken-politiek" en "Tranen en bloed", *De Volksstem*, 02.05.1896; Redaksionele kommentaar, "Hun hoofd kwijt", *De Volksstem*, 14.11.1896; Redaksionele kommentaar, ongetiteld, *De Volksstem*, 18.11.1896; Redaksionele kommentaar, "De Europese situatie", *De Volksstem*, 25.11.1896.

ammunisie moes aankoop.[128] Deur die loop van 1896 en 1897 is verskillende gewere aangekoop. By die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het die twee Boererepublieke, afgesien van diensbare gewere in private besit, gesamentlik oor meer as 102 500 goeie diensbare gewere beskik, bestaande uit 49 810 Mausers, 43 752 Martini-Henry's, 6 150 Guèdes, 2 730 Lee-Metfords en 100 Krag Jorgensens, met 'n totaal van 40 000 000 tot 50 000 000 patrone.[129]

Volgens die deurlopende beriggewing van Engelenburg oor die Jameson-inval, asook briewe wat hy aan Marie Koopmans-De Wet geskryf het, was Engelenburg gedurende die Jameson-inval en ook die maande daarna in Suid-Afrika. Louis Leipoldt het verkeerdelik in 'n hulde-artikel twee weke ná Engelenburg se dood in 1938 geskryf dat Engelenburg in 1896 'n besoek aan sy vaderland en familie gebring en daar etlike maande vertoef het. Hy het beweer dat Engelenburg nie in sy redakteurstoel was tydens die Jameson-inval en die gebeurtenis daarna nie.[130]

Hoewel historici verskil oor die oorsake van die Jameson-inval,[131] is die meeste dit eens dat enorme gevolge vir die hele toekoms van Suid-Afrika daaruit gevloei het. Hulle was dit eens dat die inval 'n waterskeidingsgebeurtenis was. Dit was die einde van een van die fases in die Britse stryd om beheer oor die ZAR te verkry, wat gelei het tot 'n gevaarliker en uiteindelik beslissende oorlog, wat later bekend sou staan as die Tweede Vryheidsoorlog of die Anglo-Boereoorlog[132] (1899-1902).[133]

---

128 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902* deel I, "Die Boere-offensief Okt. – Nov. 1899", p. 78.

129 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902*, deel I "Die Boere-offensief Okt. – Nov. 1899", pp. 78-85.

130 C.L. Leipoldt, "Dr. F.V. Engelenburg: knap joernalis en geleerde – raadsman van Kruger en Botha" in *Die Huisgenoot*, 09.09.1938, p. 21.

131 J. Butler, *The Liberal Party and the Jameson Raid*, pp. 289-290.

132 Dit word ook die Suid-Afrikaanse Oorlog genoem.

133 J.H. Hofmeyr, "The results of the Raid" in A.P. Newton, E.A. Benians en E.A. Walker (reds.), *The Cambridge history of the British Empire*, vol. 8, *South Africa, Rhodesia and the protectorates*, pp. 552-567. Sien ook L.M. Thompson, "Great Britain and the Afrikaner Republics, 1870-1899" in M. Wilson en L.M. Thompson (reds.), *The Oxford history of South Africa*, vol. 2, *South Africa, 1870-1966*, pp. 313-324; T. Pakenham, *Die Boere-Oorlog*, vertaal deur L. Rousseau, Nota oor die geskiedenis (geen bl. no. nie); en W. Visser, "Die minerale revolusie" in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika: van voortye tot vandag*, p. 198.

Generaal Jan Smuts het self in 1906 verklaar dat in die groot stryd tussen Boer en Brit die Jameson-inval die werklike oorlogsverklaring was, ten spyte van die vierjarige wapenstilstand wat daarop gevolg het. Die aggressors het hulle posisie verstewig en die verdedigers, daarenteen, het hulle stilswyend en grimmig op die onvermydelike voorberei.[134] Nog ŉ belangrike gevolg van die inval was die opkoms van Afrikanernasionalisme in die ZAR. Die wyse waarop Engelenburg verslag gedoen het oor die gebeure met betrekking tot die inval, het sonder twyfel heelwat bygedra tot die opbou van ŉ sterk gees van nasionale eensgesindheid wat onder die republikeinse burgers in dié tyd posgevat het. Engelenburg het die inval as ŉ positiewe ontwikkeling in die ZAR beskou in die sin dat hy gemeen het dat indien die Afrikaners in Suid-Afrika kon saamstaan, hulle goeie weerstand sou kon bied teen Britse regeringsmagte.[135] Hy het wel al in 1890 begin om ŉ nasionalistiese gevoel onder die Afrikaners aan te wakker. Engelenburg het gemeen dat die seuns wat in die ZAR gebore is, die eerste reg gehad het op die bestuur van hul eie land. Met dit in gedagte was dit duidelik dat die onderwys ook langsamerhand in hulle hande moes oorgaan.[136]

Op 27 April 1896 in die Marksaal in Pretoria, op die vooraand van die strafgeding teen die Reform Committee ná die Jameson-inval, het Engelenburg ŉ artikel in *De Volksstem* geplaas met fyn spot oor die "zestig stumpers". Van die kant van die Engelse pers in Transvaal is alles moontlik gedoen om die Reform Committee as helde en slagoffers van die wrede Kruger-regering voor te stel.[137] Die enkele artikel van Engelenburg het ŉ demper op die heldeverering geplaas.[138] Die Engelse gemeenskap was daarteen gekant dat regter Gregorowski die hofsaak hanteer. Hoewel hy nie ŉ Boer was nie, het hy ŉ reputasie gehad vir uiterste strengheid en sterk anti-Britse sentimente.[139] Die 64 lede van die Reform Committee is op 28 April 1896 almal skuldig bevind en tot £2 000 boete en twee jaar tronkstraf gevonnis. Die leiers, George Farrar,

134 T. Pakenham (vertaal deur L. Rousseau), *Die Boere-Oorlog*, p. 9.
135 F.V. Engelenburg, "Zuid Afrika 'up to date'" in *De Gids*, 60(2), 24.02.1896, pp. 16-19.
136 Redaksionele kommentaar, "Spoorwegen en onderwijs IV", *De Volksstem*, 03.07.1890.
137 Anon., "Position of the leaders", *The Star*, 03.02.1896; Anon., "Not without cause", *The Star*, 04.02.1896; Anon., "Reform trial", *The Star*, 27.04.1896; Anon., "Reform trial", *The Star*, 28.04.1896; Anon., "The Reform prisoners", *The Star*, 01.05.1896.
138 Redaksionele kommentaar, "Zestig stumpers", *De Volksstem*, 05.02.1896; Anon., "Dr. Engelenburg tree af. Suid-Afrika se veteraan-joernalis. Helper in groot deel van Suid-Afrika se geskiedenis", *Die Burger*, 06.10.1924.
139 H.M. Hole, *The Jameson Raid*, p. 263.

Lionel Phillips, Frank Rhodes (Cecil Rhodes se broer) en John Hays, is ter dood veroordeel. Hulle vonnisse is tot 15 jaar tronkstraf versag, en later is aan versoekskrifte gehoor gegee en is hulle met ŉ boete van £25 000 elk vrygelaat.[140] Engelenburg het die ligte vonnis gekritiseer en terselfdertyd versoek dat die Transvaalse regering in die toekoms geen genade aan Jameson se soort moes betoon nie.[141] Enersyds het Engelenburg die inval van Jameson as ŉ verraderlike aanslag beskryf, maar andersyds die voorval as ŉ geleentheid gesien om die regering en die volk te waarsku om op hul hoede te wees teen inmenging van buite en

> ... ieder vertrouwen op Engelse fatzoenlykheid geheel en al los te laten.[142]

Ná die inval is ŉ kommissie onder leiding van Engelenburg gestig om geld in te samel vir die oprigting van ŉ monument ter nagedagtenis aan die vyf gesneuwelde Transvaalse burgers tydens die inval. Die ander kommissielede was Tielman de Villiers, Isaac van Alphen en J.C. Minnaar (oorlede in 1914). Die geneuweldes was S.P.F. van Tonder, G. Jacobs, D. McDonald, P.F.J. Venter en A.H. Potgieter. Die geld wat vir die Doornkop-Monumentefonds ingesamel is, is in ŉ bankrekening gedeponeer, maar weens talryke omstandighede is die monument eers in 1917 opgerig.[143] Die argitekte van die monument was W.J. de Zwaan en Frans Soff en die monument is deur The Transvaal Monumental Works van Johannesburg opgerig. Die plegtige inwyding het op 10 Oktober 1917 plaasgevind en ds. A.J. Louw van Heidelberg het die "inwyding"-seremonie behartig. Familielede van die gesneuweldes is na die plegtigheid uitgenooi.[144] Die balans van die Doornkop-Monumentefonds wat £1 500 bedra het, is aan die SA Akademie geskenk waarvan die rente-opbrengs gebruik moes word vir die bevordering van nasionale doeleindes.[145]

In Julie 1896 het Engelenburg aan Marie Koopmans-De Wet geskryf dat die moeilike dae wat met die nuwe jaar vir Suid-Afrika aangebreek het, ŉ krisis bereik het en dat dit op ŉ oorlog sou uitloop. Die verwydering tussen die Boererepublieke en die Engelse regering het voortdurend

140 Anon., "Het vonnis", *De Volksstem*, 29.04.1896; Anon., "De process-stukken", *De Volksstem*, 02.05.1896.

141 Anon., "De uitspraak in het Jameson-proces", *De Volksstem*, 01.08.1896; Redaksionele kommentaar, "Ongevraagde bijval", *De Volksstem*, 19.08.1896.

142 Redaksionele kommentaar, "De proces-stukken", *De Volksstem*, 02.05.1896.

143 Argief vir Eietydse Aangeleenthede (AEA), Bloemfontein, S.A. Akademieversameling, PV917, vol. 4, F.V. Engelenburg – W.M.R. Malherbe, 19.07.1917.

144 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 3, sublêer 13, F.V. Engelenburg – ds. A.J. Louw, 02.10.1917.

145 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 3, sublêer 13, Skenkingsakte van die Doornkop-Monumentekomitee aan die SA Akademie.

groter geword en die geduld van die ouer Afrikaner-bevolking voortdurend kleiner. Engelenburg het hom in hierdie tye telkens afgevra of die gejag na geld en die uiteindelike verwerwing van 'n groot fortuin wel vir die diepe droewighede vergoed het waarin die mense meestal gedompel was.

> Afwezigheid van dagelijks terugkomende financieele zorgen is ongetwijfeld een weldaad, maar zoodra het bezit van geld overlast wordt, behoorde een wel-opgevoed man de stoïcynen[146] na te volgen!!![147]

'n Vlaming wat hom die lotgevalle van Transvaal sterk aangetrek het, was Hippoliet Meert, wat in België woonagtig was. Hy was die Afrikaners in die ZAR goedgesind. Die mislukte Jameson-inval het 'n oplewing in die Boerebeweging in Vlaams-België tot gevolg gehad.[148] Dié beweging se werksaamhede was geïnspireer deur die gees van die Algemeen Nederlandsch Verbond (ANV), wat in 1895 gestig is. Daar was 'n Vlaamse tak onder leiding van Hippoliet Meert en 'n tak in Nederland wat gelei is deur H.J. Kiewiet de Jonge (1847-1935) van Dordrecht.[149] Die drie vernaamste figure van die Boerebeweging in België was Meert, Pol de Mont en Frans Reinhard, van respektiewelik Gent, Antwerpen en Brussel, die belangrikste sentra van Boeresimpatie. Die drie het leiding geneem in protesvergaderings teen die Britse optrede in Transvaal. Belangrik was ook die feit dat daar in 1896 in daardie drie stede 'n aantal Vlaamse verenigings gemobiliseer is wat tydens die Anglo-Boereoorlog die organisatoriese ruggraat van die *Vlaamse Boerencomités* sou vorm.[150]

---

146 'n Stoïsyn is 'n onversteurbaar gelykmoedige mens wat pyn en leed met 'n kalmte van gees verduur. (F.J. Labuschagne en L.C. Eksteen, *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, p. 868.)

147 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 19.07.1896.

148 F. van Berne, "Het Algemeen-Nederlands Verbond 1985-1995" in P. van Hees en H. de Schepper (reds.), *Tussen cultuur en politiek het Algemeen-Nederlands Verbond 1895-1995*, pp. 29-117. Sien ook V. Kuitenbrouwer, *War of words: Dutch pro-Boer propaganda and the South African War (1899-1902)*, pp. 58-59.

149 F. van Berne, "Het Algemeen-Nederlands Verbond 1985-1995" in P. van Hees en H. de Schepper (reds.), *Tussen cultuur en politiek het Algemeen-Nederlands Verbond 1895-1995*, pp. 29-117. Sien ook V. Kuitenbrouwer, *War of words: Dutch pro-Boer propaganda and the South African War (1899-1902)*, pp. 58-59.

150 J.-M. Goris, "Vlaanderen en de Anglo-Boerenoorlog, 1899-1902". Artikel as katalogusteks gebruik vir 'n tentoonstelling wat gehou is in die Bernarduscentrum in Antwerpen van 14 tot 24 Desember 1999 en 4 tot 14 Januarie 2000.

Nadat die twee takke van die ANV saamgesmelt het, het die hoofkwartier na Dordrecht verskuif.[151] Onder leiding van Meert het die tydskrif van die ANV, *Neerlandia*, 'n belangrike funksie vervul om simpatie vir die saak van die Boere te wek. Die kring van Boeresimpatiseerders is daardeur aansienlik verruim. Tydens die periode wat Meert redaksiesekretaris van *Neerlandia* was (Julie 1896 tot Desember 1899), was die maandblad van die ANV in Vlaams-België die belangrikste propagandablad van die Boere. Sentraal daarmee saam was die aksie vir die behoud van Nederlands as amptelike bestuurs- en regstaal van die Boererepublieke, sowel as die Nederlandse stamland bewussyn in Suid-Afrika.[152]

Die ANV se oogmerk was om in een bond alle kragte te verenig wat die Nederlandse stamverwantskap oor die wêreld beskikbaar gehad het vir die stryd om die handhawing van sy selfstandigheid en sy taal. Tot die Nederlandse stam is gereken Nederlanders, Vlaminge, Nederlandse volksplantinge in die Verenigde State van Amerika, Angola, die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, asook Nederlandse kolonies soos Curaçao, Suriname en Oos-Indië. Takke van die ANV is oral opgerig.[153] Op 28 Desember 1898 het die lede van die ANV wat in Pretoria woonagtig was, by *De Volksstem*-kantore, wat Engelenburg goedgunstiglik beskikbaar gestel het, vergader.[154] Die doel van die vergadering was die oprig van 'n Pretoria-tak en die verkiesing van 'n bestuur vir die tak. Engelenburg het die vergadering gelei. Daar is besluit om voorlopig slegs drie lede tot die bestuur te verkies en dat die drie lede 'n huishoudelike reglement moes opstel. By 'n opvolgvergadering sou besluit word of meer lede in die bestuur moes dien. Die voorlopige drie bestuurslede was: F.V. Engelenburg (voorsitter), E.M. Hessing (sekretaris en penningmeester) en A.J. van der Walt.[155] Die bestuur is by 'n volgende vergadering vergroot en was soos volg: staatsekretaris F.W. Reitz, as voorsitter; hoofregter R. Gregorowsky, as ondervoorsitter; die posmeester-generaal I. van Alphen, as penningmeester; die direkteur van die staatsgimnasium, H. Reinink, as eerste sekretaris; en die

---

151 F. van Berne, "Het Algemeen-Nederlands Verbond 1985-1995" in P. van Hees en H. de Schepper (reds.), *Tussen cultuur en politiek het Algemeen-Nederlands Verbond 1895-1995*, pp. 29-117.

152 J.-M. Goris, "Vlaanderen en de Anglo-Boerenoorlog, 1899-1902". Artikel as katalogusteks gebruik vir 'n tentoonstelling wat gehou is in die Bernarduscentrum in Antwerpen van 14 tot 24 Desember 1999 en 4 tot 14 Januarie 2000.

153 Anon., "Het Algemeen Nederlandsch Verbond: Pretoria" in *Neerlandia,* 3, Februarie 1899.

154 Anon., "Het Algemeen Nederlandsch Verbond: Pretoria" in *Neerlandia*, 3, Februarie 1899.

155 Anon., "Alg. neo. Taalverbond", *De Volksstem*, 31.12.1898.

redakteur van *De Volksstem*, F.V. Engelenburg, as tweede sekretaris.[156] Deur middel van sy betrokkenheid by die ANV het Engelenburg ŉ mondstuk in die ANV se maandblad, *Neerlandia*, gevind om simpatie vir die Boeresaak te verkry deur van tyd tot tyd artikels oor die situasie in Suid-Afrika in dié tydskrif te plaas.

Volgens Hippoliet Meert was die Afrikaners se leuse: "Afrika voor de Afrikaners". Meert het gemeen dat hulle met afguns gekyk het hoe die Nederlanders die hoë poste in die regering beklee en gedurig gepraat het van "Hollandse kruipery" en die "Hollanderkliek" wat die land kom uitbuit het en die Afrikaners wou verdring.[157] Hy het Engelenburg se gevoel van 1889-90 gedeel dat die Afrikaners eers by hulle stamgenote moes leer hoe om ŉ land te bestuur. Hy het dit as betreurenswaardig beskou dat hulle nie kon insien dat ŉ jong land, wat hom in minder as vyftig jaar van ŉ eenvoudige patriargale stelsel moes omvorm tot ŉ staat met Europese ontwikkeling met nuwe takke van bestuur, nie deeglik wetenskaplik onderlegde kragte kon ontbeer nie. En hulle sou dié kragte nêrens beter vandaan kon haal nie as by hulle broedervolk, by die stam waaruit hulle self gespruit het.[158] Engelenburg kon onthou dat hy in 1889, toe hy vir die eerste keer uit Europa na Suid-Afrika gekom het, die mening gehuldig het dat dit heel natuurlik was dat alle inkomelinge deel aan die bestuur van die staat kry. Ná sewe jaar se verblyf in die land het hy die saak heel anders gesien en in dié opsig het hy baie geleer.[159] Teen 1898 was sy leuse: Afrika vir die Afrikaners en staatsampte vir die seuns van die land. Maar laat die seuns flink en deeglik daartoe opgelei word. Solank die Republiek geen voldoende kragte kon lewer wat uit die volk self gespruit het nie, moes hulle hul van vreemde kragte bedien, by voorkeur deur diegene wat hulle met die broedervolk vereenselwig het en saam met hulle gely en gestry het, eerder as om die belangrike takke van die regering aan nog onervare hande toe te vertrou.[160]

Op politieke gebied het *De Volksstem* ná 1896 ŉ openlik vyandige houding teenoor Brittanje ingeneem. Engelenburg was deeglik ingelig oor die algemene politieke toestande en het die

156 Anon., "Het Algemeen Nederlandsch Verbond: Pretoria" in *Neerlandia*, 3, Februarie 1899.
157 H. Meert, "Dr. F.V. Engelenburg" in *Neerlandia*, 2, Oktober 1898, p. 2.
158 H. Meert, "Dr. F.V. Engelenburg" in *Neerlandia*, 2, Oktober 1898, p. 2.
159 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 13.03.1896.
160 H. Meert, "Dr. F.V. Engelenburg" in *Neerlandia*, 2, Oktober 1898, p. 2.

gedurige inmenging van die Britse regering in die ZAR se sake by elke geleentheid in krasse woorde veroordeel.[161] Hy het die Jameson-inval as Britse verraad teenoor Transvaal bestempel.[162] Engelenburg het reeds, terwyl die inval aan die gang was, geskryf dat die ganse Johannesburgse politieke storm die gevolg was van ŉ groot komplot, van ŉ vooruit beraamde plan. Die persone verantwoordelik, wat hoofkwartiere in Johannesburg, Kaapstad en Londen gehad het, het vir niks teruggedeins om hulle doel te bereik nie, naamlik om die ondergang, die ineenstorting van die ZAR te bewerkstellig.[163] Alle besprekings en onderhandelings is breedvoerig gerapporteer en korrespondensie is in ŉ ruim mate toegelaat.[164] Engelenburg se siening was dat Brittanje geen susereiniteit besit het nie en dat die Britse regering besig was om ŉ "schurken-politiek" teenoor Transvaal te volg.[165] Met Jameson het Engelenburg geen simpatie betoon nie. Jameson se gesondheid het in die gevangenis sodanig versleg dat hy ŉ operasie moes ondergaan en sy swak gesondheid het tot sy vroeë vrylating gelei. Opposisieblaaie soos *The Star* het groot simpatie met Jameson betoon en het die publiek voortdurend oor sy gesondheid ingelig.[166] Engelenburg was sarkasties in sy artikels oor Jameson se siekte en het dit vermaaklik gevind om te sien hoe die Afrikaners voorberei word op die vrystelling van Jameson. Hy het gemeen dat die ongesteldheid oordryf word, want ten minste twee maal per dag is Suid-Afrika op die hoogte gehou in verband met die "lyding" van die dokter.[167] Engelenburg het selfs sover gegaan om in November 1898 voor te stel dat ŉ "'Jameson Dag" op 2 Januarie elke jaar gevier

161 Redaksionele kommentaar, "Britse troepen", *De Volksstem*, 18.04.1896; Redaksionele kommentaar, "De schilpad z'n kop en staart", *De Volksstem*, 22.04.1896; Redaksionele kommentaar, "Engelands politiek", *De Volksstem*, 25.04.1896; Redaksionele kommentaar, "Kwaad bloed zetten", *De Volksstem*, 29.04.1896.

162 Redaksionele kommentaar, *De Volksstem*, "Vriend en vijand", 15.01.1896; Redaksionele kommentaar, "Snoeverij", *De* Volksstem, 22.01.1896.

163 Redaksionele kommentaar, "Een bescheiden raad", *De Volksstem*, 22.02.1896; Redaksionele kommentaar, "Het gecharterde rovers nest", *De Volksstem*, 22.02.1896; Redaksionele kommentaar, "Politieke verkleurmannetjies", *De Volksstem*, 28.03.1896.

164 Ds. C. (korr.), "Vermeende grieven", *De Volksstem*, 11.03.1896; Jac. Van Belkum (korr.), "Verdacht-makerij", *De Volksstem*, 11.03.1896; J.A.E. jr. (korr.), "De Enge'sen", *De Volksstem*, 11.03.1896; J. Schutte (korr.), "De Artillerie", *De Volksstem*, 21.03.1896; L.C. Laubscher (korr.), "Weezen", *De Volksstem*, 21.03.1896; J.J. Coetzer (korr.), "Gratis geweren", *De Volksstem*, 21.03.1896; M.G. Erasmus (korr.), "De rol van Engeland", *De Volksstem*, 25.03.1896; H.P.N. Pretorius (korr.), "Leugens", *De Volksstem*, 25.03.1896; Een oude Immigrant (korr.), "Achter de tralies", *De Volksstem*, 25.03.1896; B.J.P. v.d. Berg (korr.), "Een goede wens", *De Volksstem*, 25.03.1896.

165 Redaksionele kommentaar, "Schurken-politiek", *De Volksstem*, 02.05.1896.

166 Anon., "Enemies of the State", *The Star*, 20.11.1896; Anon., "The present tension", *The Star*, 25.11.1896; Anon., "Dr. Jameson's condition", *The Star*, 30.11.1896; Anon., "Dr. Jameson", *The Star*, 01.12.1896; Anon., "Released", *The Star*, 09.12.1896.

167 Redaksionele kommentaar, "Praatjes van de dag", *De Volksstem*, 01.12.1896.

word soos wat "Guy Fawkes"-dag gehou word en dat 'n beeld van Jameson op daardie dag verbrand word.[168] *Land en Volk* het dit nie amusant gevind nie en het gemeen dat die geleerde, verstandige en patriotiese doktor so in sy skik was met die idee dat hy dadelik begin het om fondse in te samel vir die viering van sy "Jameson Dag". Natuurlik het die "Guy Fawkes" van *De Volksstem* nooit daaraan gedink nie dat die uitvoering van sy kinderagtige en gek voorstel onnodig en selfs moedswillig aanleiding kon gee tot ernstige rusverstoring. Volgens gerugte was daar reeds stappe gedoen om 'n kontrabeweging op tou te sit en die *Volksstem*-doktor soos 'n "Guy Fawkes" te verbrand.[169]

Ná afloop van die Jameson-inval was Engelenburg aktief werksaam as korrespondent vir die Europese media.[170] Hy het deur middel van koerante en agentskappe nuus oor die ZAR oor die hele Europa versprei om sodoende simpatie vir die ZAR te ontlok. Hy wou 'n teenwig skep teen die Britse media, wat Brittanje se imperiale strewe verkondig het deur middel van eensydige beriggewing.[171] Van 1896 tot 1899 het Engelenburg aan nuusagentskappe berigte uit Transvaal voorsien, onder ander aan Agence Havas in Parys, Frankryk, aan agentskappe in Duitsland, naamlik Publicatio Berlin en Täglich Berlin en koerante, die *Berliner Neueste Nachrichten* en *Frankfurter Zeitung*. Ook aan *L'Indépendance* in België en die *Dagblad van Zuidholland en s'Gravenhage*, Nederland, het hy nuus voorsien.[172]

Kort ná die Jameson-inval het Engelenburg 'n brief aan generaal Joubert wat hy van sy laaste besoek aan Europa saamgebring het, laat aflewer. Oor sy verhouding met generaal Joubert het hy aan Marie Koopmans-De Wet geskryf:

---

168 F.V. Engelenburg, *De Volksstem*, "Praatjes van de dag", 12.11.1898; F.V. Engelenburg, "2 Januari", *De Volksstem*, 31.12.1898.

169 Anon., "Hollander krankzinnigheden", *Land en Volk*, 11.01.1899.

170 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 208, 12.06.1896. Volgens die betalings wat gemaak is, kan afgelei word vir watter koerante in Europa hy as korrespondent opgetree het.

171 V. Kuitenbrouwer, *War of words: Dutch pro-Boer propaganda and the South African War (1899-1902)*, pp. 9-10.

172 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 208 en vol. 209. Dokumentasie van die telegraafkantoor in Pretoria aan *De Volksstem* dui daarop dat Engelenburg die telegraafkantoor betaal het vir die berigte wat hy vir plasing aan genoemde Europese koerante en persagentskappe gestuur het.

> Wij zijn geen goede vrienden, hij en ik zijn niet eens 'on speaking terms'. Ook nu weer is gebleken welk een prul hij is, en dat de Boeren zoo mooi gewonnen hebben, is zeker niet door zijn beleid gekomen.[173]

Engelenburg het voorheen al die hoop uitgespreek dat Joubert nie weer as kommandant-generaal herkies sou word nie.[174] Daar was tydens die Jameson-inval nie genoeg gewere, kanonne en patrone nie. Die kommandowet het volgens Engelenburg nie meer gedeug nie

> ... en Generaal Joubert is een groote administratiewe nul. ... We mogen den Hemel danken dat hij geen President is geworden![175]

Die feit dat Engelenburg en generaal Joubert nie op goeie voet was nie, kan ook daaraan toegeskryf word dat Engelenburg in 1890 die Staatsartillerie in Potgieterstraat, Pretoria se werksaamhede ondersoek het, en gevind het dat die artilleriekorps 'n tweeslagtige funksie moes verrig. Hy het die vraag gestel:

> Heeft men te doen met een Artilleriecorps, dat somtijds politiediensten verricht of met een Politie-corps, dat ook wel eens met kanonnen rond rijdt?[176]

Dit kon moontlik verklaar waarom hulle nóg vir die een, nóg vir die ander goed opgelei kon word. Engelenburg het voorgestel dat een van die eerste verbeteringe wat aangebring moes word, was om die twee funksies van die korps te skei. Generaal Henning Pretorius, wat toe diens gedoen het as hoofkommissaris, moes aangestel word oor die polisiediens en die pas aangestelde Josephus Wolmarans[177] oor die artilleriekorps. Laasgenoemde korps moes hom besig hou met militêre sake en geheel en al op militêre vlak ingeoefen en georganiseer word. Die Volksraad het ag geslaan op Engelenburg se aanbeveling en in 1893 is 'n spesiale kommissie van ondersoek

---

173 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 19.01.1896.

174 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 27.08.1894.

175 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 27.08.1894.

176 Redaksionele kommentaar, "De rijdende staats-artillerie en politie II", *De Volksstem*, 18.09.1890.

177 Wolmarans is deur Engelenburg aanbeveel, waarskynlik omdat hy kort tevore sy opleiding aan die militêre akademie te Breda in Nederland voltooi het. Hy is egter nie oorweeg nie, omdat hy in daardie stadium nog te jonk was vir so 'n verantwoordelike pos. Kyk F.J. du T. Spies, "Bladsye uit die militêre geskiedenis van Pretoria" in S.P. Engelbrecht, J.A.I. Agar-Hamilton, A.N. Pelzer en H.P.H. Behrens (reds.), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 97.

gelas. Die verslag van die kommissie het heelwat wantoestande aan die lig gebring: daar was algemene wanbestuur, die amptelike boeke was nie in orde nie, straftoediening was nie volgens regulasie nie, en slegte taal en dronkenskap het voorgekom.[178] ʼn Belangrike stap is daarna deur die Volksraad gedoen met die besluit om polisie en artillerie te skei.[179] Dit was teen die wens van generaal Joubert, wat ongeveer tien jaar tevore versoek het dat die Transvaalse polisie en die Artilleriekorps saamsmelt en bekend sou staan as die Transvaal Artilleriekorps. Die twee eenhede wat dus op 14 Junie 1882 op versoek van generaal Joubert saamgesmelt het,[180] is deur die toedoen van Engelenburg in 1893 weer geskei. Die wrywing wat dit tussen Engelenburg en Joubert veroorsaak het, het voortgeduur tot met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899.

In dieselfde jaar wat die twee korpse geskei is, het die Departement van Openbare Werke die beplande uitbreiding van die Staatsartillerie goedgekeur. In ʼn verslag van Klaas van Rijsse, ʼn argitek van die Departement van Openbare Werke, het hy aanbeveel dat ʼn behoorlike Artillerie-basis volgens die neo-Renaissance-styl op die gronde gebou word.[181] Die uitleg van die geboue is rondom drie pleine ontwerp, naamlik (1) die voorste plein, (2) die drilplein en (3) die plein met perdestalle rondom. Laasgenoemde was aan die ver westelike gedeelte van die terrein en is gebruik vir alle aktiwiteite wat verband gehou het met staanplek vir en versorging van perde wat deur die Staatsartillerie gebruik is.[182] Bouwerk het in Augustus 1895 ʼn aanvang geneem. Die gebouekompleks is in 1898 voltooi. Die terrein van die Staatsartillerie dateer terug na 1877 toe daar ʼn militêre kamp ná die Britse besetting van Transvaal gevestig is. Nadat die ZAR se onafhanklikheid in 1881 herstel is, is die terrein as ʼn artilleriekamp gebruik. Naas die kasteel in Kaapstad is die kompleks die tweede belangrikste militêre kompleks in Suid-Afrika.[183]

---

178 NASA, Pretoria, ZAR, vol. 10, Eerste en Tweede Volksraadsnotules van die ZAR 1893, Artikel 376, 19.06.1893 en Artikel 952, 31.07.1893, volledige verslag van die kommissie; en ZAR, vol. 10, Artikel 956, 01.08.1893,.

179 F.J. du T. Spies, "Bladsye uit die militêre geskiedenis van Pretoria" in S.P. Engelbrecht, J.A.I. Agar-Hamilton, A.N. Pelzer en H.P.H. Behrens (reds.), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 97.

180 R. Jay, *The South African Army headquarters: The history of the Transvaal State Artillery precinct 1894 to 2010*, vol. 1, p. 2.4.

181 H.J.G. Kamffer, "Die geskiedenis van die leërhoofkwartier se geboue", referaat gelewer op Saterdag 11 Oktober 2014 by die Leërhoofkwartier te Pretoria.

182 R. Jay, *The South African Army headquarters: The history of the Transvaal State Artillery precinct 1894 to 2010*, vol. 1, p. 3.1.

183 H.J.G. Kamffer, "Die geskiedenis van die leërhoofkwartier se geboue", referaat gelewer op Saterdag 11 Oktober 2014 by die Leërhoofkwartier te Pretoria.




Illustrasie 22: Staatsartillerie 1897. Foto: Private argief van brig.genl. H.J.G. Kamffer.



Illustrasie 23: Perdestalle by die Staatsartillerie, Pretoria. Voer vir die perde is in die soldervertrekke gehou (sien boonste deure op foto) en afgegooi ondertoe.
Foto: Linda Brink, 11 Oktober 2014.